# Dagstukkies

# Dagstukkies 10

## Inspirerende Gedagtes uit Die Woord

VOLUME 10

Danie Nell

# <u>DAGSTUKKIES</u>

# <u>(NOMMER 10)</u>

**Die eerste 900 "Dagstukkies" wat ek uitgestuur het regoor die aarde was 'n belewenis.**

**Die terugvoer wat ek ontvang het was bemoedigend.**

**Dat predikers selfs dit kon gebruik het in hul boodskappe het baie vir my beteken, veral omdat ek nie meer so baie preek vanaf kansels nie.**

**Dankie aan hulle wat die "Dagstukkies" op 'Facebook' geplaas het. Hoeveel dit daar gelees het sal ek nooit weet nie.**

Danie Nell (Jeffreysbaai)

Epos adres: danie.nell1937@gmail.com

ISBN 978-0-620-55271-4

## Om God te loof

**Psalm 108:2,3** Die Boodskap: *"Daar is vrede in my hart, o God. U het my getroos. Daarom wil ek sing, ja, ek wil lofliedere sing om U te eer. Laat ek my musiekinstrumente nader trek."*

My Vry-vertaling van ons teks is: *"Ek het vrede in my hart daarom wil ek met 'n lied God groot maak. Dit is asof ek my musiekinstrumente wil 'wakker maak' om vroeg in die oggend lof aan God te bring."*

Miskien moet jy weer jou musiekinstrument gaan uithaal en afstof om dit tot eer van die Here te gebruik? Wat ookal die rede was dat jy daarmee opgehou het!
Indien iemand jou aanstoot gegee het moet jy vergewe, nie omdat die persoon wat jy moet vergewe dit verdien nie maar omdat jyself vry wil wees.

Ek bid dat daar weer 'n nuwe vlam in jou sal brand om lof aan die Here te gee ook deur die talent wat jy van God ontvang het. Ek het al só begeer om een of ander instrument te kon speel. Niemand sou my smeek om dit te doen nie want ek sal te gretig wees om lof aan die Here te gee.

Besef dat om lof aan God te gee verg baie dissipline.
Gebruik jou musiekinstrument om lof aan die Here te gee.
Maak jou hart "wakker" om Sy Naam groot te maak!

**Wag die deur vir jou óf jy vir die deur?**
**Handelinge 12:10** *"En toe hulle by die eerste en tweede wag verbygegaan het, kom hulle by die ysterpoort wat na die stad lei, en dit het vanself vir hulle oopgegaan."*

Koning Herodus was baie kwaad vir die Christene en het Jakobus, die broer van Johannes met die swaard laat doodmaak. Toe hy sien die Jode hou daarvan, het hy Petrus in die tronk gesit, met sestien soldate wat hom moes bewaak. Petrus was met kettings vasgemaak aan twee soldate.
Maar God het 'n engel gestuur om hom uit die gevangenis te bevry, omdat die gemeente vir hom gebid het.
Ons lees in vers 5: *"So is Petrus dan in die gevangenis bewaak; maar daar het 'n aanhoudende gebed tot God deur die gemeente vir hom opgegaan."*

As ek Hand. 12:10 lees laat dit my dink aan die elektroniese deure by sake-ondernemings. Terwyl jy aangestap kom na so'n deur, breek jy die strale wat die deur aktiveer en dan maak die deur vir jou oop om deur te gaan.

Dit is presies wat met Petrus gebeur het! Hy moes eers naby genoeg aan die deur gekom het (om sy geloof te bevestig) om met God se "geestelike strale" kontak te maak, sodat die deur na die stad vir hom kon oopgaan. Dit het tyd geword dat jy met geloof en verwagting sal loop na jou deur!

Ek vra die vraag: Wag die deur vir jou óf wag jy vir die deur?
Baie bid vir 'n geleentheid terwyl hulle op hul geleentheid sit.
God wil jou oorwinning gee maar jy moet in beweging kom!

## Jy staan in Verbond met God

**1 Korintiërs 11:25** *"Net so ook het Hy ná die maaltyd die beker geneem en gesê: Hierdie beker is die nuwe verbond, wat deur My bloed beseël is. Gebruik dit, elke keer as julle daaruit drink, tot My gedagtenis."*

As jy God se kind is, staan jy in verbond (ooreenkoms) met Hom, wat alles geskep het. Persoonlik dank ek God vir die verbond wat ons het met die Naam van Jesus, soos wat ons lees in Joh. 16:23 *"Voorwaar, voorwaar Ek sê vir julle, alles wat julle die Vader sal vra **in my Naam**, sal Hy julle gee."*
In Joh. 14:13,14 staan iets soortsgelyk.

Alle mag in hemel en op aarde is aan Jesus gegee, soos wat ons lees in Matt. 28:18. Hy kon dus in Sy verbond met ons **gesag aan ons gee** oor die vyand. Luk. 10:19 *"Kyk, Ek gee aan julle die **mag**...oor al die **krag** van die vyand; en niks sal julle ooit skade doen nie."*
En in Ef. 6:10-18 is die volle wapenrusting aan ons gegee wat dien as beskermings- en ook aanvalswapens, dat ons staande kan bly teen die listige aanslae van die duiwel.

Moenie moed opgee in wat jy reeds gevra het, óf sal vra nie. Jesus het geleer in Luk. 18:1 dat ons gedurig moet bid en nie moedeloos word nie.
Dit is soms die laaste sleutel in die bos wat die deur oopsluit!

**Vinnig hoor en stadig praat**

**Jakobus 1:19** *"So dan, my geliefde broeders, elke mens moet gou wees om te hoor, stadig om te praat, stadig om toornig te word."*

The Amplified Bible: *"Understand this, my beloved brethren. Let every man be quick to hear, (a ready listener) slow to speak, slow to take offence and to get angry."*

Jou mond beheer jou lewe. (Jak. 3:2) Indien jy jou tong kan beheer sal jy kan oorwin. Daarom moet ons leer om nie "oorhaastig" te praat nie, en nie impulsief op te tree nie.
'n Impulsiewe persoon is iemand wat iets skielik doen of sê sonder om eers baie mooi daaroor na te dink. Ek moet erken dat ek soms nogal 'n probleem hiermee het.

Ek hou nie daarvan om lank te wag voordat ek 'n besluit sou neem en dit uitvoer nie. Al het ek in die meeste gevalle groot sukses behaal om só te wees, weet ek dat dit nie altyd die regte ding is om te doen nie.

Voordat jy praat en doen, vra die volgende: Is dit waar wat ek gehoor het? Is dit iets mooi? Is dit minsaam en is dit belangrik? Nadat ek die antwoorde hierop gekry het, is dit veilig dat ek kan praat en doen.

Ek bid dat die Here ons elkeen "skerp" sal maak om te hoor.
Dat ons rustiger in ons gees sal raak voordat ons praat.
Bó alles, dat ons beslis nie oorhaastige besluite sal neem nie.

## Lees getrou jou Bybel

**Spreuke 4:20,21** *"My seun, luister na wat Ek sê, neig jou oor tot My woorde, laat hulle nie wyk uit jou oë nie, bewaar hulle binne-in jou hart."*

Watter uitdagings jy mag ondervind, moet jou toevlug altyd wees na God se Woord. God se Woord het altyd 'n antwoord en 'n oplossing vir enige uitdaging of probleem wat jy mag ondervind. Terwyl jy lees sal God se Gees dit lewend maak vir jou.

Gryp God se Woord vandag vas met alles in jou en laat dit dien as 'n anker in jou lewe. Jy kan Skrifgedeeltes aanhaal wat jy ken, dit is goed, maar ek beveel aan dat jy dit ook lees. Ons teks stel dit soos volg: *"...neig jou oor tot My woorde, laat hulle nie wyk uit jou oë nie, bewaar hulle binne-in jou hart."* Let op die woorde: "Laat dit nie wyk **uit jou oë** nie."

Ek lees die Bybel baie keer hardop vir myself. Dit word beweer dat van wat jy hoor sal jy 20% onthou, maar wat jy hoor en sien 70%. Moet nie net staatmaak op wat jy kan onthou in die Bybel nie, maak tyd om jou Bybel op 'n daaglikse wyse met aandag te lees. Sodoende sal jy meer waarhede ontdek wat jy nog nie daarin raakgesien het nie.

Ek herhaal: Moenie net dink aan sekere Skrifte nie, lees dit. Lees die beloftes wat antwoorde gee vir jou huidige behoefte. God se Woord sal jou geestelik laat groei.

**Jou lig sal deurbreek!**

**Jesaja 58:8** *"Dan sal jou lig vir jou deurbreek soos die rooidag, jy sal gou herstel. Hy wat jou red, sal voor jou uit gaan, die mag van die Here sal agter jou aankom."*

Hoe graag wil ons die Here vertrou dat hierdie Skrifgedeelte vir ons 'n waarheid word. Moontlik bid jy nou dat daar lig vir jou sal deurbreek en dat God sal herstel en genees en ook Sy engele voor jou sal uitstuur? God het dit vir Israel gedoen in die woestyn soos wat ons lees in Ex. 14:19: *"Die Engel van God wat altyd voor die Israeliete uit beweeg het terwyl hulle getrek het, het nou agter hulle plek ingeneem."* Mag jy ook bewus word van God se beskerming, soos wat Hy ons belowe het in Psalm 34:8 *"Die Engel van die Here trek 'n laer rondom die wat Hom vrees, en red hulle uit."*

Lees, met aandag Jes. 58:6-7, dan sal jy sien dat daar 'n voorwaarde gekoppel is aan die belofte van ons teks. Hierdie voorwaarde is dat ons sal breek met dit wat verkeerd is. Ook dat ons mense sal vrymaak, en dat ons die behoeftige sal help deur ons brood te deel met dié wat honger het en dié wat naak is beklee. Eers dán kan ons weet dat daar lig vir ons sal deurbreek soos wat ons teks verklaar.

Doen wat God vir jou sê dan sal daar lig vir jou deurbreek.
Die Here luister wat jy van Hom vra en wil jou help.
Sy lig wil deurbreek in jou lewe, asook in almal wat jy liefhet.

**‘n Gees van krankheid**

**Lukas 13:10,11** *"En Hy was besig om op die sabbat in een van die sinagoges te leer. En daar was ‘n vrou wat ‘n gees van krankheid agttien jaar lank gehad het, en sy was inmekaargetrek en glad nie in staat om regop te kom nie."*
The Amplified Bible: *"...And there was a woman there who for eighteen years had had an infirmity caused by a spirit (a demon of sickness). She was bent completely forward and utterly unable to straighten herself up or to look upward."*
Die Nuwe Vertaling sê: *"Daar was ook ‘n vrou wat al agttien jaar lank gely het onder ‘n bose gees wat haar heeltemal verswak het."*

Dit lyk vir my daar is "gewone" krankheid en daar is iets soos "‘n gees" van krankheid. Daarby bedoel ek dat siekte kan iets geestelik wees en dit kan ook iets natuurliks wees. Om ‘n voorbeeld te gebruik: ‘n Verkoue is iets natuurliks, en tref alle mense.

Hierdie vrou in ons teks het gely aan iets anders, wat so geweldig was dat dit haar liggaam krom getrek het. Baie meen dit was atrites. Maar as ek die ander vertalings van ons teks lees, is dit duidelik die duiwel was deel van hierdie prentjie.

Vir alle siektes kan gebid word en ek loof die Here dat daar genesing is vir alle siektes. Die rede dat ek dit kan verklaar is omdat daar genesing gekom het deur die wonde van Jesus Christus, volgens wat gekrywe staan in Jes. 53:5.

Vir alle siektes moet ons nie ‘n geestelike oplossing soek nie. Maar weet dat daar wel ‘n gees van krankheid bestaan. Wanner jy dit besef neem ‘n sterk geestelik stand daarteen.

## As twee saamstem

**Matthéüs 18:19** *"Weer sê Ek vir julle: As twee van julle saamstem op die aarde oor enige saak wat hulle mag vra, dit sal hulle ten deel van van my Vader wat in die hemele is."*

Dit is my agste "Dagstukkie" wat ek skryf oor hierdie Skrifgedeelte, en tog is daar nog baie wat ek daaroor kan skryf. Dit is dus nie vreemd vir my dat Jesus se eerste woorde in hierdie teks begin met "Weer sê Ek vir julle..." Dit is asof Hy ook voorheen vir Sy dissipels dieselfde geleer het. Jy sien, 'n waarheid soos hierdie kan jy maar meer as een keer hoor, totdat jy dit verstaan.

As daar een ding is waaroor ons moet saamstem dan is dit vir eenheid. Nie enersheid nie, maar eenheid. Want die duiwel haal sy groot kanon van "Verdeeldheid" uit wanneer hy sien dat ons as man en vrou, as familie en gemeente in 'n sterker eenheid kom.
Omdat eenheid 'n familie asook 'n gemeente baie sterk maak, beveg die duiwel dit. Wanneer ons "saamstem" dan word ons soos 'n goeie orkes wat nie elkeen sy eie ding doen nie, maar in harmonie saamvloei om die mooiste klanke voort te bring.

Vind iemand wat in gebed saam met jou sal stem.
Bou daardie gebed op die Woord van die Here, die Bybel.
Praat dan met geloof oor dit waaroor jy saamgestem het.

**Verwagting**

**Matthéüs 9:20,21** *"En daar het 'n vrou wat twaalf jaar lank aan bloedvloeiing gely het, van agter gekom en die soom van Sy kleed aangeraak. Want sy het by haarself gesê: As ek maar net Sy kleed kan aanraak, sal ek gesond word."*

Omdat hierdie vrou 'n verwagting (hoop) gehad het om gesond te word, het sy haar weg deur die skare gevind om Jesus se kleed aan te raak. Verwagting was die dryfveer wat haar genesing bewerkstellig het.
Verwagting is 'n baie kragtige eienskap in enige mens, want gee kleur aan jou uitkyk op die lewe, dit vorm verseker jou gesindheid en beïnvloed hoe jy sal optree.

Wanneer jy iets verwag dan plaas jy jouself in 'n posisie om te ontvang. Wanneer 'n vrou haarself gereed maak om geboorte te gee aan 'n baba, dan sê ons daardie vrou is verwagtend. Wat verwag sy? Sy verwag 'n baba en daardie verwagting veroorsaak baie voorbereiding. Meubels en klere word aangekoop, daar word besluit op die hospitaal, en 'n begroting word uitgewerk, net om 'n paar te noem.

Indien jy regtig verwag dat die Here vir jou iets spesiaal gaan doen, kry jouself gereed om te ontvang. God seën mense wat vol is van verwagting. Moet ook nie jou offerande sonder verwagting gee in die kerk nie. Verwag 'n hondervoudige oes wanneer jy gee. Jesus het tog self gesê in Lukas 6:38 *"Gee, en aan julle sal gegee word."*

Ek weet nie watter verwagting daar in jou hart is nie?
Die vrou in Matt. 9 het ontvang omdat sy vol verwagting was.
Steek jou hand in geloof uit om van God te ontvang wat jy nodig het.

**Vergeefde mense**

**Psalm 32:1,2** Die Boodskap: *"Jy is baie gelukkig as die Here jou al jou verkeerde dade vergewe. Jy is gelukkig as Hy nie meer aan jou slegte dade dink nie. Jy is baie gelukkig as die Here jou nie laat betaal vir jou skuld nie."*

Vandag, die 25ste April 2018, is my vroutjie en ek 59 jaar gelukkig getroud – omdat ons vergeefde mense is! Ook omdat die Here nie dink aan iets wat ons verkeerd gedoen het nie, en omdat ons nie hoef te betaal vir ons skuld nie. Ons loof en dank God ook vir Rom. 8:1.

Indien jy ook 'n vergeefde mens is, wees altyd bereid om te vergewe, anders kan jy nie verwag dat God jou sal vergewe nie. Ook nie dat jou berge (van probleme) verwyder sal word nie. Lees gerus weer Markus 11:23-26, dan sal jy sien dat jy in die geloof kan praat met jou probleme, maar dat jy ook moet vergewe indien jy verwag dat God jou berg van probleme sal verwyder.

Wat gebeur as ek vergewe? Ek ontsluit die geestelike deur vir dié persoon wat ek vergewe, maar ek maak myself ook geestelik vry van enige binding.

Dit is verseker nie 'n maklike ding om te vergewe nie.
Dit is makliker indien jyself 'n vergeefde persoon is.
Ek spreek mense graag vry omdat ekself vry wil wees.

**Daar is 'n fontein in jou**

**Johannes 7:37,38** Die Boodskap: *"Die laaste dag van die fees was die hoogtepunt en almal was daar. Jesus sê toe hard en duidelik: As jy geestelik dors is, kom na My toe. Ek sal jou dors les. Glo in My en in wat Ek sê. Dan sal jy soos 'n fontein word waaruit daar vars water borrel, om 'n voorbeeld uit die Skrif te gebruik. Dit sal nie gewone water wees nie maar 'water' wat 'n mens vir ewig sal laat leef."*

Dit is treffend dat wanneer ons geestelike dinge soek, dan soek ons dit buite onsself. Ons verwag geestelike seëning vanuit die hemel, en dit nie verkeerd om dit te glo nie.

In ons teks vind ons Jesus by die huttefees in Jerusalem. By die hoogtepunt van die fees lees ons dat Hy nogal *"hard en duidelik"* uitgeroep het dat elkeen wat dors het moet glo in wat Hy sê, dan sal daar *"vars water"* vanuit hul *"binneste"* vloei.

Neem kennis dat God in jou 'n fontein geskep het. Indien jy opreg glo, wat in die Bybel geskrywe staan, sal daar *"water wat 'n mens vir ewig laat leef"* uit jou binneste vloei.

Lees ons Skrifgedeelte totdat die waarheid jou wese vul.
Glo dat vanuit jou binneste gaan God iets vir jou doen.
Onthou: Die voorwaarde is dat jy 'n dors na God moet hê.

**Getrouheid**

**2 Kronieke 31:18** *"En hulle (Leviete) moes in die geslagsregister opgeneem word...want volgens hulle getrouheid was hulle werksaam met die heilige dinge."*

In 2 Kronieke 13 lees ons hoedat koning Hiskia die diens van die Leviete gereël het. Dit is ook in hierdie hoofstuk waar ons lees van die "hope tiendes" wat Israel ingebring het. Ek sal eerder daarna verwys as "agterstallige tiendes" wat ingebring was. (Verse 6-8) Dit sal iets wonderliks wees as ons in ons gemeentes sou sien hoe uitstaande tiendes aan die Here kerktoe gebring sal word. Dit sal 'n deurbraak gee aan die Evangelie!

Ons teks praat van mense wat, volgens hulle getrouheid, aangestel was om met God se dinge te werk. Ek is van mening dat getrouheid een van die belangrikste kwalifikasies moet wees voordat enige persoon aangestel moet word in 'n taak. Dit geld vir die kerk asook in die samelewing.

Getrouheid is 'n vrug van die Heilige Gees. (Gal. 5:22)
Kan iemand vol wees van die Gees en tog nie getrou wees nie?
God het gesê in Op. 2:10: *"Vrees vir niks wat jy sal ly nie... Wees getrou tot die dood toe, en Ek sal jou die kroon van die lewe gee."*

**Aanhou brand, maar nie uitbrand nie**

**Eksodus 3:2** *"Toe verskyn die Engel van die Here aan hom (Moses) in 'n vlam binne-in 'n doringbos. Terwyl hy kyk, sien hy dat die doringbos aanhou brand, maar nie uitbrand nie."*

Moses was hier besig om vee op te pas vir sy skoonvader Jetro, die priester van Midian. Op 'n doodgewone dag het Moses 'n buitengewone ontmoeting met God ondervind. Neem vandag kennis dat op enige gewone dag, kan jy ook 'n buitengewone ontmoeting met God ondervind.

Wat Moses nuuskiering gemaak het was dat hierdie doringbos aanhou brand, maar nie uitbrand nie. Die Heilige Gees vuur wat God aan ons gee brand nie uit nie. Indien jy sou agterkom dat jou geestelike batterye begin pap raak, maak seker dat jy weer soek na 'n vars ontmoeting met God.

Ons probleem is dat ons baie keer net op Sondae, met ons volle aandag op God fokus. Die res van die week mis ons soveel "bosse wat brand" dat ons ontmoetings met God misloop. Die Heilige Gees vuur wat God aan ons gee is nie iets wat kan uitbrand nie.

Vir hulle wat ouer raak is my boodskap Ps. 92:15
*"Selfs in hulle ouderdom sal hulle nog toeneem in krag. Hulle sal fris en lewenskragtig wees."*

## Verkondig die Woord

**2 Timotheus 4:1,2** Die Lewende Bybel: *"So waar as Jesus Christus weer kom om oor Sy koninkryk te regeer, jy moet die woord van God vir mense bring. Jy moet altyd oorgehaal wees om dit te doen, dit maak nie saak of dit die regte tyd is of nie."*

Eintlik is alle Christene predikers! Elke keer as jy jou mond oopmaak om God se woord met iemand te deel is jy besig om te "preek" al sien jy nie jouself as 'n prediker nie. Mense glo nie die evangelie nie omdat daar nie iemand is wat dit met hulle deel nie. In Rom. 10:14 lees ons: *"Hoe kan hulle Hom dan aanroep in wie hulle nie geglo het nie? En hoe kan hulle in Hom glo van wie hulle nie gehoor het nie? En hoe kan hulle hoor sonder een wat preek?"*

Omdat die eerste dissipels die Here se woord verkondig het, was duisende gered en het baie gemeentes ontstaan. Die gemeente in Jerusalem het ná Pinksterdag gegroei met 5000 manne. Hand. 4:4 *"En baie van die wat die woord gehoor het, het geglo; en die getal van die manne het omtrent vyfduisend geword."* Ek wonder hoeveel vroue en kinders was bygevoeg? Lees ook: Hand. 5:14; 6:7; 11:20,21.

Johannes Calvyn het gewoon in Switzerland. In 1550 het vervolging uitgebreek teen die Protestantse kerke. Baie Christene het gevlug en sommige het gaan woon in Frankryk. In daardie tyd was daar net vyf erkende Protestantse kerke in Frankryk. Calvyn het by al hierdie kerke gereeld gepreek. Teen 1562 was daar reeds 2150 kerke geplant, omdat God se woord gepreek was. Toe was daar drie miljoen Christene in Europa. Waar jy is kan jy verseker 'n verskil maak!

Die Here het aan jou Sy woord gegee om met mense te deel. Moenie onseker wees nie – al begin jy met jou getuienis. Wees nie skaam vir die Evangelie van Christus nie. (Rom. 1:16)

## Leef soos 'n atleet!

**1 Korinthiërs 9:24,25** *"Julle moet dan ook leef soos 'n atleet wat alles uithaal om te wen. 'n Atleet wat oefen vir 'n byeenkoms dissiplineer homself en laat alles staan wat hom verhinder om fiks te wees...ons dissiplineer onsself om 'n prys te kry wat vir altyd sal bly."* (Die Lewende Bybel)

Hierdie lewe is soos 'n resies, en ons is die atlete. Soos 'n atleet wat hardloop in 'n marathon alles uithaal om te wen, só moet ons ook maak in hierdie lewe.
Om te oorwin is nie maklik nie. Daarom moet jy deurdruk. Vra enige alteet wat al daar was. Sy longe brand, daar is pyn in sy sy, hy kry krampe. Dan hoor hy sy afrigter wat hom aanmoedig. Die geoefende atleet weet nou dat hy moet eenvoudig aanhou en fokus. Ewe skielik kry hy 'n tweede wind en begin vinniger hardloop.

Dissipline speel 'n baie groot rol in die lewe van die atleet, maar ook in ons as Christene. Wanneer dinge moeiliker raak, "verdiep" jou in die Woord. Dit doen jy om rustiger te raak en jou Bybel met groter aandag te lees. Neem ook meer tyd om te bid en met jou hemelse Vader in gesprek te tree. Stel ook jou ore in om te hoor wanneer Hy met jou praat, en ek verseker jou God wil met jou praat deur die Bybel en deur Sy Gees.

Jou deurbraak is baie nader as wat jy kan besef.
Verwyder die woorde "ek kan nie" uit jou gedagtes.
Glo in Fil. 4:13 *"Ek is tot alles in staat deur Christus wat my krag gee."*

## Wanneer probleme jou oorval

**Jesaja 59:19** *"Wanneer die teestander aanstorm soos 'n rivier, jaag die Gees van die Here hom op loop."*
New King James: *"When the enemy comes in like a flood, the Spirit of the Lord will lift up a standard against him."*

Daar kom tye dat siektes, finansiële druk en baie ander probleme, soos 'n vloed ons wil oorwelding. Dit is in tye soos hierdie dat ons moet vashou aan beloftes soos wat in ons Skrifgedeelte lees. Ons teks belowe dat wanneer ons teestanders soos 'n rivier teen ons sou kom, sal God se Gees hulle laat weghardloop.

God word nooit onkant gevang wanneer die duiwel met "grof geskut" teen ons kom nie. Hy het aan ons belowe in Jes. 57:17 *"Elke wapen wat teen jou gesmee word, sal niks uitrig nie..."* Geestelike wapens kan teen ons gebruik word, maar God beloof dat dit niks sal uitrig nie.

In Deut. 28:7 belowe God dat ons vyande sal op een pad teen ons uittrek, maar op sewe paaie voor ons uit vlug. Dit meen dat God hulle wat ons aanval om ons seer te maak só verwar dat hulle in verskillende rigtings sal padgee. Hoekom vrees ons dan?

As 'n probleem tans klop aan jou deur, moenie oopmaak nie!
Stuur Jesus na die deur om jou probleem te hanteer.
Aanvallers en probleme sal vlug as Jesus jou deur oopmaak!

## Doen wat God vir jou sê

**Jakobus 1:22** Die Boodskap: *"Doen wat God vir jou sê. Daar wag 'n groot verrassing op jou as jy maar net daarna sit en luister en niks daaraan doen nie. Jy dink dalk jy is mooi godsdienstig, maar eintlik is jy besig om jouself te kul."*

Was jy al daar dat jy baie openbarings van die Here ontvang het? Elke keer as jy in die Bybel gelees het, was daar 'n boodskap wat jy ontvang het. Maar ewe skielik gebeur dit nie meer nie? Dan beveel ek aan dat jy sal teruggaan na die laaste openbaring wat jy van die Here ontvang het. Maak seker of jy gedoen het wat die Here vir jou gesê het. Indien jy nie 'n dader was nie, besluit om een te wees, en jy sal vind dat die Bybel weer vol is van openbarings. Hoe meer jy doen wat God sê, hoe meer sal jy boodskappe kry.

Daarom sê Jakobus dat ons daders van die Woord moet wees en nie net hoorders nie. Baie keer voel ons nie dat ons 'n groot openbaring ontvang het nie, maar al is dit iets "klein" moet ons daarop reageer. God sal nie dinge vir jou sê om te doen en dan nie omgee indien jy dit nie doen nie.

Lees jou Bybel met dié verwagting dat jy van die Here sal hoor.
Wanneer jy seker is dat jy gehoor het, doen dit.
In Jak. 1:22-27 leer ons om daders te wees en nie net hoorders nie.

**Om in die Gees te wees**

**Openbaring 1:10** *"Ek was in die Gees op die dag van die Here..."*

Johannes was 92 jaar oud en 'n banneling op die eiland van Patmos. Alleen en honger, maar in die Gees! Om "in die Gees" te wees beteken dat God se Gees totale kontrole oor hom gehad het. Dit is presies wat God verlang vir ons as Sy kinders. Deur Sy Gees wil Hy ons lewens beheer.

God wil deur Sy Gees ons gebedslewe beheer. Want eintlik weet ons nie altyd mooi wat ons moet bid nie, daarom help God se Gees ons volgens Rom.8:26.
Die Heilige Gees help ons ook om die Here te aanbid. In Joh. 4:23 lees ons dat wanneer ons die Here aanbid moet ons dit doen: *"...deur die Gees en in waarheid..."*

Lees gerus hoe die Heilige Gees vir Paulus gehelp het dat hy kon sê: *"Vir my eie lewe gee ek nie om nie, solank ek net my opdrag kan uitvoer en die werk wat die Here Jesus my gegee het, kan klaarmaak."* Hand. 20:24 (Die Lewende Bybel)

As ons lees in 1 Sam. 19:20-24 sal ons sien dat die Heilige Gees kan die kwaaiste onder ons beheer! Indien jy weet van hierdie soort mense vertrou God se Gees om ook hulle onder Sy beheer te plaas.

Mag jy ondervind dat die Heilige Gees jou elke dag lei.
Mag die Gees van God jou veral help in jou gebedslewe.
Almal wat deur die Gees gelei word is Sy kinders. (Rom. 1:14)

**Jou geloof is 'n skild**

**Efésiërs 6:18** *"Behalwe dit alles neem die skild van geloof op waarmee julle al die vurige pyle van die Bose sal kan uitblus."*

Wanneer ek hierdie teks lees dink ek aan 'n treffende verhaal in 2 Sam. 1:17-21 waar Dawid 'n klaaglied gesing het, toe hy verneem het dat Saul en Jónatan gesneuwel het in 'n geveg teen die Filistyne. In 2 Sam. 1:21 roep Dawid uit: *"Berge van Gilbóa, mag op julle geen dou en geen reën en geen velde van offergawes wees nie! Want daar is die skild van die helde weggegooi, die skild van Saul, sonder dat dit met olie gesalf is."* Let op: Dawid was bekommerd omdat Saul se skild nie met olie gesalf was nie!

Vandag wil ons huil soos Dawid as ons sien hoeveel van God se helde se skild van geloof so te sê weggegooi is, omdat hulle God se salwing op hul geloof verloor het! Miskien is jy een van hulle en het jy jou skild van geloof weggegooi toe 'n geliefde gesterf het? Moontlik was dit toe jy deur 'n siekte gegaan het? Toe jy deur 'n egskeiding gegaan het? Miskien was dit toe jy finansieël gevou het? Moontlik was dit toe 'n godsman, in wie jy baie vertroue gehad het, in sonde geval het? Onthou dat ons elkeen sal vir homself moet rekenskap gee.

Tel jou skild van geloof op en glo vir genesing. (1 Pet. 2:24)
Glo weer dat God vir jou gaan voorsien in al jou behoeftes.
As jy jou skild van geloof optel, sal God dit weer salf!

## Die volle wapenrusting

**Efesiërs 6:11** *"Trek die volle wapenrusting van God aan, sodat julle staande kan bly teen die liste van die duiwel"*

God het aan ons geestelike wapens gegee wat dien om ons te beskerm teen enige aanslag van die bose, maar ook wapens gegee wat ons kan gebruik om aan te val en te oorwin. Ons moet onthou dat ons geveg is nie teen mense nie, maar teen die duiwel.

Een sterk wapen is "waarheid" wat alle leuens sal oorwin. Ek glo as jy die waarheid praat hoef nie nooit te onthou wat jy gesê het nie! Jesus het gesê dat ons die waarheid sal ken en dat dit ons sal vry maak. (Joh. 8:32) Waarheid is soos 'n leeu wat homself verdedig. Geen mens hoef 'n leeu op te pas nie!

Dan is daar ook die wapen van "geregtigheid" wat beteken om in die regte verhouding met God te staan, naamlik sonder blaam en sonder skuld. Omdat Jesus ons sondes vergewe het en omdat ons nuwe skepsels in Hom is. (2 Kor. 5:17) Daarom is ons onder geen veroordeling nie. (Rom. 8:1)

Moenie vergeet om "die bereidheid van die Evangelie" soos skoene aan te trek nie. Daar is vandag baie "kaalvoet" Christene en elke klein "doringtjie" maak hul voete seer. Dit is mense wat 'n regte klaagkous is, en dit wil jy verseker nie wees nie! Wees jy bereid om die Evangelie met ander te deel.

Bó alles, sorg dat jy altyd jou geloof soos 'n skild sal gebruik. Daarmee sal jy al die pyle wat na jou geskiet word kan keer. Want sonder geloof kan jy nie God tevrede stel nie. (Heb. 11:6)

**God wil ons ontmoet in ons mond**

**Jesaja 6:5** By die roeping van Jesaja as profeet, lees ons: *"Toe het ek gesê: Wee my, ek is verlore! Want ek is 'n man onrein van lippe."*

Op 'n dag het Jesaja besef dat hy baie onwaardig en onrein was. Dit was toe God Sy heerlikheid aan hom openbaar het. Jesaja, alhoewel hy reeds al lank 'n profeet was, het uitgeroep dat hy onrein lippe gehad het. God het hom ontmoet en treffend genoeg in sy mond. Ons lees in verse 6,7 *"Maar een van die serafs (engele) het na my toe gevlieg met 'n gloeiende kool in sy hand, wat hy met 'n tang van die altaar af geneem het, en my mond daarmee aangeraak en gesê: Kyk, dit het jou lippe aangeraak, en jou skuld is weg en jou sonde versoen."*

Ons lees iets soortgelyks van Johannes die doper se vader, Sagaria, wat 'n priester was. Sy vrou Elizabet was onvrugbaar en hulle was reeds bejaarde mense, daarom het hy nie geglo dat hulle ooit kinders sou hê nie, al het 'n engel dit voorspel. Omdat hy nie geglo het nie, het hy stom geword. Die dag toe Sagaria sy seun 'n naam moes gee het hy die naam eers op 'n bordjie geskryf. Op daardie oomlik het God hom in sy mond ontmoet en lees ons in Lukas 1:64 *"En onmiddelik is sy mond geopen en het sy tong losgeraak, en hy het gepraat en God geloof."*

God wil jou vandag ontmoet, en gewoonlik is dit in jou mond! Net soos wat Hy Jesaja en Sagaria ontmoet het, om hulle te kon gebruik. As God jou ontmoet in jou mond sal jy seën en lewe kan spreek.

**Die bediening van die Gees**

**2 Korinthiërs 3:7,8** *"En as die bediening van die dood, met letters op klippe gegraveer, in heerlikheid was (die tien gebooie)...hoeveel te meer sal die bediening van die Gees dan nie in heerlikheid wees nie?"*

Toe God die tien gebooie aan Moses gegee het op die berg, het Moses se gesig geblink van God se heerlikheid. Ons Skrifgedeelte sê dat ons 'n groter heerlikheid ontvang het deur die Heilige Gees, en dit staan bekend as *"die bediening van die Gees"*. Die Heilige Gees wil ons in ons gees bedien, maar Hy wil ook deur ons ander bedien.

Omdat ons dieselfde Gees van die geloof het, kan ons opreg glo en in die geloof spreek. Ons kan selfs die dinge wat nie bestaan nie roep asof hulle bestaan! (Rom. 4:17) Die Gees van God wat in ons werk, help ons om nie te let op die dinge wat net gesien kan word nie, maar op die onsigbare dinge. (2 Kor. 4:16-18) Die dinge wat ons nie kan sien nie is baie keer belangriker as dit wat ons kan sien.

As daar ooit 'n tyd was dat ons moet bid vir die bediening van die Heilige Gees, dan is dit in die tyd waarin ons nou leef. Dit is alleenlik die werk van God se Gees wat gemeentes kan help na ware herlewing. Die bediening van die Gees sal weer ware bekerings, verlossing en versoening bewerkstellig. Menslike pogings en programme sal dit nie kan doen nie.

Vra ernstig die Heilige Gees om te werk in jou gemeente.
Vertrou God se Gees om jou familie in 'n sterk eenheid te bind.
Moenie vergeet om Sy Gees te vra om ook **in jou** te werk nie!

**Daar moet 'n verskil wees!**

**Maleagi 3:18** *"Dan sal julle weer die verskil sien tussen wie goed doen en wie goddeloos is, tussen wie My dien en wie My nie dien nie."*

Soms is dit moeilik om te onderskei wie God dien en wie Hom nie dien nie. Sodra jy mense vra of hulle God se kind is, antwoord hulle vinnig met woorde soos "ek het my kerk". Oswald Smith het eenmaal gesê: *"The Church has become so worldly and the world so churchy, that you cannot distinquish the one from the other"*

Daar moet 'n verskil wees, selfs wanneer jy jou motor bestuur. Jy hoef nie 'n "vissie" agterop jy motor te hê om te wys jy is 'n Christen nie. As jy 'n kind van God is behoort jy nie die rakke in 'n winkel om te krap en nie weer reg te pak nie. Jy praat nie die taal van die wêreld nie. As hulle lelik praat of negatief is, praat jy nie soos hulle nie. Jy moet geken word as iemand wat groot respek vir God het. En wanneer jy aan God gee, dan gee jy altyd jou beste, en nie soos wat ons lees in Mal. 1:7,8 dat Israel hul lam diere aan God gegee het nie.

Wanneer dinge sleg gaan verloor jy nie jou blydskap in die Here nie. Die blydskap wat die Here gee sal jou altyd beskerm. (Lees: Neh. 8:11)
Mag ek jou vra om altyd 'n blymoedige kind van God te wees?

**God se plan met Sy kerk**

**Efesiërs 3:10** Die Boodskap: *"God wil hê dat die kerk vir al die onsigbare magte en heersers in die hemel sal wys hoe wonderlik slim Hy regtig is. Hy weet alles en beplan alles."*

God se doel is om Sy kerk (dit is jy en ek) te gebruik om Sy wysheid aan almal bekend te maak. 'The Amplified Bible' vertaal dit: *"The purpose is that through the church the wisdom of God might be made known to the angelic rulers and authorities (principalities and powers) in the heavenly sphere."* Ja, selfs aan alle geestelike magte!

As jy 'n kind van God is, moet jy weet dat jy deel is van Sy plan. Moet ook nooit vergeet van die belofte in Jer. 29:11 waar die Here die volgende belowe het: *"Want Ek weet watter gedagtes (plan) Ek aangaande julle koester, spreek die Here, gedagtes van vrede en nie van onheil nie, om julle 'n hoopvolle toekoms te gee."*

God wil ons gebruik om hierdie plan wat Hy vir die mensdom het deur ons aan ander bekend te maak. Daarom kan ons nooit praat soos hulle wat God nie dien nie.
Stel dus jouself beskikbaar om deur die Here gebruik te word om aan mense wat jy daagliks ontmoet moed te gee. Hoe moielik kan dit wees?

Wees beskikbaar vir God om Sy plan aan mense te gee.
Sy plan is dat almal gered sal word en geseënd sal wees.
Gee jouself hierdie dag vir die Here dat Hy deur jou kan werk.

## Krag in swakheid

**2 Korinthiërs 12:9** *"En Hy het vir my gesê: My genade is vir jou genoeg, want my krag word in swakheid volbring."*

Wanneer jy op 'n plek kom dat jy voel jy het nie meer krag om iets te hanteer nie, moet jy nie moedeloos raak nie, want die Here se krag sal jou in daardie tyd bystaan. Die woord "krag" wat hier gebruik word is die Griekse woord *"dinamis"* wat beteken *"inwonende krag"* wat God aan jou sal gee deur Sy Heilige Gees.

Dink net daaraan dat wanneer jou menslike krag nie meer help nie, sal God se krag jou deurdra, in enige omstandigheid wat jy mag wees. Hierdie krag het Paulus deurgedra toe hy gestening was en as dood buite die stad gelaat was. Die dissipels het vir hom gebid en God se bonatuurlike krag het hom opgewek!
As God dit vir Paulus kon doen, hoeveel temeer nie vir jou nie?

Wanneer jy siek is en self medikasie jou nie kan help nie moet jy weet God se krag is beskikbaar vir jou. As jou finansies hande uitruk, as jou familie uitmekaar val, as slegte gewoontes jou moedeloos maak en as jy alles probeer het sonder om oorwinning te smaak, moet jy weet dat God se krag in jou swahheid volbring sal word!

Voorwaar, ons dien 'n wonderlike Vader, wat omgee.
Hy ken jou by jou naam en is innig lief vir jou.
Neem jou swakheid nou God, sodat Sy krag jou kan versterk!

## God wil jou oppas

**Psalm 91:1-4** Die Boodskap: *"As jy na die allerhoogste God toe gaan dat Hy jou moet oppas, kan jy van een ding seker wees: Die almagtige God sal jou bewaar. Jy kan vir die Here sê: 'U beskerm en bewaar my. U is my God op wie ek vertrou'. Dis die Here wat jou uit die moeilikheid kom haal as iemand jou met skelmstreke om die bos gelei het. Hy bly getrou aan jou. Hy sal jou verlos van enige gevaar wat jou lewe bedreig. Hy sal jou veilig oppas. Daarom kan jy by Hom gaan wegkruip. Met Sy groot liefde keer Hy die gevaar af."*

Daar is geen manier dat ons onsself kan oppas nie! Met al die alarms en sekuriteit wat ons vandag het, kan ons nooit dink dat niemand ons kan skade aandoen nie. As daar ooit 'n tyd was dat ons God se beskerming nodig gehad het, dan is dit vandag.

Neem kennis dat God jou wil oppas! Die voorwaarde is net dat jy by Hom sal skuiling soek. Dit is dán dat jy kan sê dat God jou beskerm. Ek hou van die nuwe vertaling wat dit soos volg stel in verse 2,3: *"...**hy sê** vir die Here: U is my toevlug en my veilige vesting, my God op wie ek vertrou."* Let op dat dit nie God is wat dit vir jou sê nie, maar jy sê dit vir God! Jy kan dit vir God sê omdat jy weet dat jy by Hom skuil.

As jy God vrees (respekteer) sal Hy jou graag wil beskerm, soos wat geskrywe staan in Psalm 34:8: *"Die Engel van die Here trek 'n laer rondom die wat Hom vrees, en red hulle uit."*

Sorg dat jy seker maak dat jy vandag by die Here skuil.
Jy kan dan staatmaak op elke belofte in Psalm 91. (Lees dit)
As God belowe het om jou te beskerm, sal Hy dit doen.

## God is lief vir jou

**Deuteronium 7:7,8** Die Boodskap: *"Die Here het jou nie liefgekry omdat jy belangrik is of omdat jy sterker as die ander volke is nie. Jy is eintlik die swakste en die geringste van almal. Die Here het jou gekies bloot omdat Hy lief is vir jou..."*

Daar is baie vandag wat nie kan glo God is lief vir hulle nie. Sommige gaan so vêr om ook nie hulself lief te hê nie. Indien iemand hulself nie kan liefhê nie, sal hulle ook nie ander mense kan liefhê nie. Meer van Jesus sal jou meer liefde gee.

Dit is wonderlik om te dink dat Jesus vir ons gesterf het toe ons nog sondaars was. Hy kon net dit doen omdat Sy liefde só groot was (en is) vir jou en my. En mag God se liefde, waarvan Paulus praat in 1 Kor. 13:4-8, deur jou en my talle mense inspireer om ook die Here te dien.

Vandag moet jy weer die duidelike boodskap kry dat God jou baie liefhet. Tenspyte van wat jy ookal verkeerd gedoen het in jou lewe, het God jou innig lief. God het jou nie lief omdat jy iemand belangrik is nie. Luister weer hoe ons teks dit stel: *"Die Here het jou gekies bloot omdat Hy lief is vir jou..."*

Omdat God jou liefhet moet jy ook ander mense liefhê.
Dit geld ook vir hulle wat jou nie goed behandel het nie.
Vra die Here om meer liefde in jou hart te gee. (Rom. 5:5)

## God beloon dié wat Hom eer

**Psalm 50:15** *"Roep My aan in die dag van benoudheid: Ek sal jou uithelp en jy sal My eer."* **Psalm 66:2** *"Sing tot roem van Sy Naam, gee Hom die eer wat Hom toekom!"*

Die woordeboek verduidelik dat as iemand eer ontvang, ontvang hy lof vir iets wat hy gedoen het. So iemand word met groot respek hanteer.

Daar is heelwat tekse in die Bybel wat ons leer dat ons eer moet gee aan ons vader en moeder. Daar is 'n belofte daaraan gekoppel dat ons lank sal lewe indien ons dit doen. Maar die een wie ons die meeste eer moet gee is ons hemelse Vader. Om aan God eer te gee is iets wonderliks. In Joh. 12:26 staan geskrywe: *"...as iemand My dien, sal die Vader hom eer."*

Dit was vir my treffend om te sien dat die Blitsbokke op Sondag die 10de Junie 2018, net daar op die rugbyveld in Parys saam gekniel het om aan God die eer te gee, nadat hulle die wêreldbeker gewen het. Ek glo dat om God die eer was in hul harte voordat hulle op die veld gedraf het. God beloon altyd hulle wat eer aan Hom sal gee.

Moet nooit skaam wees om voor mense God te eer nie.
Want indien jy dit doen sal die Here jou ook eer en jou beloon.
Wanneer jy God eer doen dit met 'n hart vol nederigheid.

**Neem deel om te wen**

**Filippense 4:13** *"Ek is tot alles in staat deur Christus wat my krag gee."*

The Amplified Bible: *"I have strength for all things in Christ Who empowers me [I am ready for anything and equel to anything through Him Who infuses inner strength into me; I am self-sufficient in Christ's sufficiency]."*

Ek hoor mense sê dat dit nie eintlik saak maak as jy wen of verloor nie, jy moet dit net geniet. Jammer, ek verskil, want as jy deelneem neem jy deel om dit te geniet maar ook om te wen. God het ons gemaak om wenners te wees!

Enige goeie afrigter sal jou laat verstaan dat een deel van enige iets is om met 'n wen gesindheid deel te neem. Natuurlik, moet jou gesindheid ook reg wees indien jy die dag nie sou wen nie. Jy plaas dan jou hoop daarop om volgende keer te wen.

Die Here begeer dat ons genoeg geloof in Hom sal openbaar wat ons sal help om meer as 'n oorwinnaar te wees. Ons het nie altyd hierdie manier van dink nie, daarom word ons geleer in Rom. 12:2 om ons denke te vernuwe.

Ons teks leer ons om te glo dat ons kan wen, indien ons wil. Besluit vandag om 'n wen gesindheid te ontwikkel in jou denke. Glo met jou hele hart in Fil. 4:13: *"Ek is tot alles in staat deur Christus wat my krag gee."*

**Treurigheid, droefheid en hartseer**

**Jesaja 60:20** *"Jou son sal nie meer ondergaan nie, en jou maan nie kleiner word nie, want die Here sal vir jou wees 'n ewige lig, en die dae van jou treurigheid is verby."*

Treurigheid, droefheid en hartseer is nie iets waarvan ons hou nie. Vir iemand wil die Here vandag sê dat jou dae van treurigheid is verby. Die Boodskap vertaal ons teks met: "*Jou dae van hartseer is verby. Jou son sal nooit ondergaan nie... Die Here self sal vir altyd jou lig wees."* Neem dié Skrif asof die Here direk met jou praat, want indien jy vandag hierdie woord glo sal dit vir jou 'n werklikheid word.

Daar is baie dinge wat ons hartseer kan maak, soos die siekte en dood van iemand wat jy liefhet. Dit is nie 'n maklike ding wanneer jy moet toekyk hoe iemand naby jou besig is om weg te kwyn nie. Die afgelope week moes ek sien hoe my eie broer besig was om sy houvas op die lewe te verloor. Wat vir my 'n anker was is dat my broer van jongsaf die Here met sy hele hart gedien het. Dit is 'n voorreg om te kan sê dat óf ek lewe en óf ek sterwe, ek behoort aan die Here. Ons moet in elk geval sterf indien ons in die hemel wil uitkom! Behalwe as Jesus besluit om weer te kom om Sy bruid te kom haal.

As jy treurigheid ervaar, bid ek dat Sy lig vir jou sal deurbreek. Onthou, die blydskap in die Here sal jou beskerm. (Neh. 8:11) Miskien moet jy met iemand anders hierdie boodskap deel?

**Beywer jou in jou gawe**

**1 Korinthiërs 12:29-31** Die Lewende Bybel: *"In die kerk is nie almal apostels of profete nie. Nie almal kan vir ander leer of wonderwerke doen nie. Nie almal het die vermoë om siek mense gesond te maak of om in tale te praat of te verduidelik wat in sulke tale gesê word nie. Julle moet moeite doen om die belangrikste gawes te hê..."*

Ons almal het nie dieselfde gawe of funksie in die gemeente nie. Doen wel moeite om uit te vind wat die Here wil hê jy moet doen, en gee jou beste volgens jou vermoë. Weet dat dit jou verantwoordelikheid is om seker te maak wat jou gawe is, en dat jy jou gawe (of dan jou talent) beskikbaar sal stel waar dit nodig is. Dit kan wees in die kerk óf in die omgewing waar jy jou bevind.

Wat jou werklik gelukkig sal maak, is wanneer jy doen waarvoor die Here jou hier op aarde geplaas het. Doen jy iets anders sal jy nie volkome geluk ervaar nie, en sal jou lewe wees soos 'n golf van die see wat deur die wind gedrywe en voortgesweep word.

Die passie in jou hart sal jou doelgerigte vervulling gee. Luister na wat geskrywe staan in Die Boodskap (1 Kor. 12:31) *"Doen moeite met die gawes wat vir jou situasie die beste is."*

**Getrouheid word beloon**

**Matthéüs 24:45** *"Wie is dan die getroue en verstandige dienskneg vir wie sy heer oor sy volk aangestel het om hulle hul voedsel op tyd te gee?*

In dié gelykenis prys Jesus die getroue dienskneg wat die mense, oor wie hy aangestel is, hul voedsel op tyd sou gee. Verder sê Jesus in vers 47: *"Voorwaar Ek sê vir julle, hy (sy heer) sal hom oor al sy besittings aanstel."*

Ek vertrou ek praat vandag met iemand wat 'n drang het om getrou te wees in alles wat jy doen? Besluit opnuut om te doen waarvoor jy aangestel is om te doen, óf jou opdrag van die Here kom en óf dit is van iemand onder wie jy werk. Dissiplineer jouself om aanspreeklik (accountable) te wees vir jou doen en late.

Indien die Here in jou hart werk om meer getrou jou Bybel te lees en te bid, moet jy gehoorsaam wees om dit te doen. Miskien is daar 'n drang in jou hart om iemand te bemoedig en vir daardie persoon te gaan bid? Wees getrou om dit te doen. Moenie dink God sal aan jou 'n nuwe opdrag gee as jy nog nie die vorige een gedoen het nie.

Dit is die regte ding om gedurig te werk aan jou getrouheid.
Ons lewe in 'n tyd dat getrouheid nie meer waarde het nie.
Laat ons 'n verskil daaraan maak om getroue mense te wees!

## Verslaan die reus van kwaad word

**Efésiërs 4:26,27** *"As julle kwaad word, moenie sondig nie, en moenie 'n dag kwaad afsluit nie. Moenie die duiwel vatkans gee nie."*

Die Lewende Bybel: *"As julle kwaad word, moet julle oppas dat julle nie daardeur sonde doen nie. Moenie die hele dag kwaad bly en vanaand so gaan slaap nie. Moenie vir die duiwel daardie soort vatkans gee nie."*

Ons raak woedend wanneer ons beledig word, wanneer ons veronreg word, wanneer ons hoor van wreedheid wat plaasgevind het. Maar as daar een "reus" is wat ons moet verslaan in ons lewe dan is dit "die reus" van kwaad word.

Moenie jou woede soos 'n siekte versorg nie! Woede het nie 'n verpleegster nodig nie. Moenie heeldag dink aan dit wat jou kwaad gemaak het nie. Moenie daaroor bly praat nie.
In Spr. 15:1 lees ons: *"'n Sagte antwoord laat woede bedaar; 'n krenkende woord ('n woord wat soos 'n mes steek) laat woede opvlam."*

Jy mag soms kwaad word, maar moenie dan sondig nie.
Moenie heeldag met woede in jou hart rondloop nie.
Bó alles, moet jy nie met kwaad in jou hart gaan slaap nie.

## Bemoedig mekaar

**1 Thessalonicense 5:11** *"Daarom, bemoedig mekaar en bou die een die ander op, soos julle ook doen."*

Om mekaar te bemoedig is 'n opdrag wat die Here aan elkeen van ons gee. Selfs wanneer ons profeteer, dan moet ons mekaar stig, troos en bemoedig soos wat ons lees in 1 Kor. 14:3. (Lees dit gerus weer 'n slag) Verder voeg Paulus ook die volgende by in 1 Kor. 14:31: *"Want julle kan almal een vir een profeteer, sodat almal kan leer en almal* ***bemoedig*** *word."*

Mag ek jou vra of jy die afgelope week iemand bemoedig het? Het jy oor iemand 'n seën uitgespreek? Vra die Here om jou woorde te gebruik om hoop te gee in iemand wat jy raakloop. Gaan vandag nie net om inkopies te doen nie, maar soek iemand wat jy nuwe moed vir die lewe kan gee. Hoe moeilik kan dit wees?

Geen wonder die wyse Salomo het die volgende in Spr. 16:24 vir ons nagelaat nie. *"Vriendelike woorde is soos 'n heuningkoek: soet vir die siel en 'n genesing vir die gebeente."* Of soos dit vertaal is in Die Lewende Bybel: *"'n Vriendelike opmerking is soos heuning – dit gee 'n lekker smaak in die mond en is goed vir die gesondheid."*

Naby jou is daar iemand wat met 'n stukkende hart loop.
Daardie "iemand" wag om deur jou bemoedig te word.
Bid die volgende: *"Here, wie kan ek vandag bemoedig?"*

**Hoekom praat ons van "Salwing"?**

**Lukas 4:18** Jesus het die volgende van Homself gesê: *"Die Gees van die Here is op My omdat Hy My **gesalf** het om die evangelie aan die armes te bring..."*

Jesus het dit van Homself gesê, maar kan dit ook van toepassing wees op ons vandag? Ek glo ons het vandag ook die reg om dit te kan sê. As bevestiging hiervan lees ons die volgende in 1 Joh. 2:20,27: *"En julle het die **salwing** van die Heilige...En die **salwing** wat julle van Hom ontvang het, bly in julle..."*

In 2 Kor. 1:20-22 lees ons: *"Want hoeveel beloftes van God daar ook mag wees, in Hom is hulle ja en in Hom amen, tot heerlikheid van God deur ons. Maar Hy wat ons saam met julle bevestig in Christus en ons **gesalf** het, is God, wat ons ook **verseël het** en die Gees as onderpand in ons harte gegee het."*

Selfs in die Ou Testament het God mense gesalf. Ons dink aan Jes. 45:1-3 waar ons lees dat God 'n Persiese koning Kores gesalf het sodat hy Israel kon help om hul tempel weer in Jerusalem te herbou. Ja, God kan enige mens salf om Sy wil te doen! Ek vra jou om saam met my hierdie verklaring wat ek gemaak het te glo met jou hele hart.

Salwing is wanneer God se Gees op my gees kom.
Kom ons bid dat God se Gees sal kom op ons land se leiers.
Mag God jou só salf dat jy baie vuriger vir Hom sal wees!

## Die boodskap van Saai en Maai

**Prediker 11:4** Die Lewende Bybel: *"As 'n mens wil wag totdat die wind presies reg waai, sal jy nooit so ver kom om te saai nie en as jy wil wag totdat die wolke heeltemal reg is, sal jy nooit oes nie."*

Miskien het jy al baie boodskappe gehoor oor saai en maai? Tog bly God se woord vir ons altyd nuut oor enige onderwerp wat ons mag lees. Ekself het al baie gepreek oor saai en maai en gepoog om dit 'n leefwyse te maak. Geseënde getuienisse het ons as gesin meer as genoeg om boeke vol te kan skryf. My seuns het ek altyd geleer: *"If you have a need, sow a seed."*

Een ding het ons geleer en dit is jy moenie jou saad "opeet" nie. Jy saai verseker ook nie op sement nie, maar alleenlik op grond wat 'n oes kan oplewer. Daarom moet jy seker maak dat jy op die regte plek jou finansies saai.

Daar is uitstaande tekse wat ons leer oor saai en maai. Vir hulle wat deur droefheid gaan sê Ps. 126:5 *"Die wat met trane saai, sal met gejubel maai."* En in Hoséa 10:12 lees ons: *"Ek (God) het gesê: Saai volgens My wil, en julle sal my liefde oes."*

Maak seker dat jy volgens God se wil saai indien jy wil oes.
Moenie ophou saai nie. Luister wat jou hart vir jou sê.
Volgens ons teks moet jy nie onnodig lank wag om te saai nie.

**Gehoorsaamheid bring oorwinning**

**1 Samuel 15:22** *"...Is brandoffers en ander diereoffers net so aanneemlik vir die Here as gehoorsaamheid aan Sy bevel? Nee, gehoorsaamheid is beter as offerande, om te luister is beter as die vet van ramme."*

Gehoorsaamheid het genesing gebring vir Naäman, wat die hoof was van die leër van koning Aram. Ons lees sy verhaal in 2 Kon. 5. Hy was 'n generaal maar was melaats. 'n Jong dogter wat as gevangene uit Israel gekom het, het dié raad gegee dat hy by die profeet Elisa moes uitkom vir sy genesing. Na baie drama het hy uiteindelik homself bevind in die Jordaanrivier waar hy homself sewe keer moes doop in die water.

Nadat hy 'n paar keer sy kop onder die water gesit het, het daar nog niks met hom gebeur nie, maar nadat hy die sewende keer uit die water opgekom het lees ons in vers 14: *"...sy vel het gesond geword soos dié van 'n klein seuntjie en hy was weer rein."* Daar was geen genesing in die water nie, maar sy genesing het gekom deur sy gehoorsaamheid aan die Here.

Gehoorsaamheid sal altyd oorwinning bring, selfs in siekte.
Jou oorwinning sal kom in jou gehoorsaamheid aan God.
Gehoorsaamheid is veel meer as offerande.

## Sagte woorde

**Spreuke 15:1,4** Die Boodskap: *"'n Sagte antwoord laat die woede bedaar. Skerp woorde maak mense woedend...Iemand wat kalm oor probleme praat se woorde maak heel. Vlymskerp woorde kan mense breek."*

Die volgende keer as skerp woorde jou wil seer maak, reageer met sagte en teer woorde. Dit is ook die beste manier om 'n argument te ontlont.

Regdeur die Bybel word ons geleer om versigtig te wees hoe ons moet praat. Ons moet nooit woorde gebruik wat mense afbreek nie. In Engels sê hulle: *"Never speak down to people."* Moet nooit iets sê wat iemand sal afbreek nie.

Ons moet ons woorde gebruik om te genees, te herstel en om mense in hul gees moed te gee vir die lewe. Daarom lees ons in Spr. 16:24: *"Vriendelike woorde is soos 'n heuningkoek: soet vir die siel en 'n genesing vir die gebeente."* Dan hou ek nogal van Die Lewende Bybel se vertaling: *"'n Vriendelike opmerking is soos heuning – dit gee 'n lekker smaak in die mond en is goed vir die gesondheid."*

Sagte woorde kom nie natuurlik nie – jy moet werk daaraan. Hoe meer jy dit beoefen, hoe meer word dit deel van jou lewe. Vra die Here om 'n wag voor jou mond te sit.

**Bid met vrymoedigheid**

**Hebreërs 4:16** Die Boodskap: *"Ons hoef nie bang te wees of te wonder of ons na God toe mag gaan nie. Ons kan maar gaan, want God sal baie goed wees vir ons. Wanneer ons dit nodig het, sal God vir ons meer gee as wat ons verdien en ons met Sy liefde omvou."*

Wanneer ons in gebed na God toe gaan moet ons gaan soos gelowiges en verseker nie soos bedelaars nie. Volgens ons teks in Heb. 4:16 moet ons met groot vrymoedigheid na God toe gaan in gebed, want Hy sal goed wees vir ons. Glo die belofte in Jer. 29:11: *"Ek weet wat Ek vir julle beplan, sê die Here: voorspoed en nie teenspoed nie; Ek wil vir julle 'n toekoms gee, 'n verwagting!"*

Ek glo twee ander vertalings sal jou help om te verstaan hoe jy met vrymoedigheid moet bid. The Message: *"So let's walk right up to Him and get what He is so ready to give. Take the mercy, accept the help."* The Amplified: *"Let us then fearlessly and confidently and boldly draw near to the throne of grace..."*

God gee altyd meer as wat ons verdien. Voorwaar Sy genade is onbeskryflik groot. Sy arm is nie te kort om te help nie en sy oor nie te doof om te hoor nie. (Jes. 59:1)

Tel dus jou kop op en bid vandag met groter vrymoedigheid.
Al lyk sake hoe donker, weet dat God al die lig besit.
Hy wil vir jou voorsien in al jou behoeftes. (Fil. 4:19)

## Wysheid

**Jakobus 3:17** *"...die wysheid wat van Bo kom, is allereers sonder bybedoelings, en verder is dit vredeliewend, inskiklik, bedagsaam, vol medelye en goeie vrugte, onpartydig, opreg."*

Daar is 'n groot verskil tussen wysheid en slimwees. Iemand wat wys is, hoef nie noodwendig slim te wees nie. En iemand wat slim is, is nie noodwendig wys nie. Wysheid is baie meer as om net baie te weet. Wysheid kry miskien nie altyd die beste punte nie, maar wysheid weet hoe om te leef, weet hoe om op te tree en weet hoe om moeilike probleme op te los. Wysheid sal oorleef waar kennis ophou. (24/7 Bybel)

Indien jy ooit wil toets of wysheid van God af kom, gebruik ons teks as 'n maatstaf. Jakobus beskryf, in sy Sendbrief, hoe dade jou geloof bevestig wanneer jy dit uitleef met die wysheid wat van God kom.

Ware wysheid kry ons altyd by God. Spr. 2:6 *"Dit is die Here wat die wysheid gee, uit Sy mond kom die kennis en die insig."* En in Spr. 9:10 lees ons *"Wysheid begin met die dien van die Here."*

Begeer jy meer wysheid? Dien dan God met jou hele hart.
Toets ook altyd jou eie wysheid met ons teksgedeelte.
Een ding wat ons van die Here moet begeer, is wysheid.

## Moenie moed verloor nie

**Johannes 16:33** *"Dit sê Ek vir julle, sodat julle vrede kan vind in My. In die wêreld sal julle dit moeilik hê; maar hou moed: Ek het die wêreld klaar oorwin."*
The Amplified Bible: *"...For I have overcome the world. [I have deprived it of power to harm you and have conquered it for you..]"*

Jesus het nooit belowe dat jy 'n moeitelose lewe hier op aarde sal hê nie. Hy het gesê jy sal dit moeilik hê in hierdie wêreld. Wat Jesus wel belowe het is dat jy 'n veilige aankoms sal hê.

Miskien is die vraag in jou hart: Hoekom het moeilikheid net altyd my adres? Wat van al die mense om my? Neem kennis dat probleme en moeilikheid is 'n deel van ons lewe. Enige probleem wat jy ondervind soos: siekte, finansiële druk, familie rusies, spanning in jou werk óf in jou studies, het nie die laaste sê nie. God het altyd die laaste sê oor alles in jou lewe. Hy sê vandag vir jou dat jy moed moet hou omdat Hy reeds alles in die wêreld oorwin het. Al wat jy moet doen is om dit te glo.

Paulus het iets treffends oor moed geskryf in 2 Kor. 4:8: *"Ek kry dikwels swaar, maar ek is nooit mismoedig nie. Ek weet nie elke dag presies wat ek moet doen nie. Tog is ek nooit radeloos nie."* (Die Boodskap)

Sing vandag: *"Dit is nie my krag nie, maar dit is Syne!*
*Sy krag word in my swakheid volbring.*
*Want Sy genade is meer as genoeg vir my."*

## God is ons Beskermer

**Psalm 91:9,10** Die Lewende Bybel: *"Omdat jy by die Here gaan skuil het en die Allerhoogste jou Beskermer gemaak het, sal die rampe jou nie tref nie..."*

Dank God vir al die beloftes in die Bybel dat God ons sal beskerm as ons by Hom skuil. Psalm 91 bly een van die uitstaande gedeeltes in God se woord waar ons baie beloftes vind van Hom as ons Beskermer. Deur die jare het ek ook ondervind dat God ons baie keer beskerm van gevare wat ons nie eers van geweet het nie. Een hiervan wil ek graag met jou deel. Dit was die dag toe 'n outomatiese stoker van 'n lokomotief my amper vergruis het.

Ek was maar 17 jaar oud en het so pas my lewe aan Christus gegee. As 'n vakleerling Passer by die Spoorweë (in Pretoria) moes ek op 'n sekere dag 'n slytpen (spitpin) in 'n staaf sit. Ek het myself gevind in 'n pit direk onder 'n 15F lokomotief. Bokant my was manne besig om met 'n hyskraan 'n outomatiese stoker neer te laat wat gekoppel sou word aan die lokomotief. Net toe ek weer 'n keer vorentoe beweeg het om die slytpen in die staaf te kry, het almal bokant my geskreeu, want die kabels van die hyskraan het gebreek en die stoker (wat tonne geweeg het) het reguit op my neergestort!

Die wonderwerk was dat net my oorpak aan my rugkant gesny was, sonder om enige skrapie aan my lyf te laat! Die sloot waarin ek gestaan het, het die outomatiese stoker se val gebreek. Ek het weggestap met my bene wat lam geword het van die skok, maar met groot dankbaarheid in my hart omdat God my lewe beskerm het!

Ek is seker daarvan dat God jou ookal baie beskerm het?
Dink wat al met jou kon gebeur het op ons besige paaie.
Dank die Here dat jy die voorreg het om by Hom te kan skuil.

**Is jy gereed vir Jesus se Wederkoms?**

**Joël 2:31,32** *"Die son sal donker word, die maan bloedrooi en dan sal die groot, die vreeslike dag van die Here kom. Elkeen wat die Naam van die Here aanroep, sal gered word."*

Op die 28ste Julie 2018 het mense regoor die wêreld gesien hoedat die maan weer 'n keer bloedrooi geword het. Dit het al gebeur en sal weer gebeur. Hierdie verskynsel is reeds voorspel deur die profeet Joël, soos aangehaal in ons teks.

Daar is baie preke al gepreek oor die "Bloedmaan" en ek wil nie veel daarby voeg nie. Wat belangrik is vir my is dat al hierdie dinge tekens is dat ons nader beweeg na die eindtyd, naamlik dat Jesus weer sal kom na hierdie wêreld.

In die profesie van Joël word verwys na *"die vreeslike dag van die Here"* wat sal kom. Hoekom word die woord *"vreeslike dag"* hier gebruik? Want dit sal iets *"vreesliks"* wees vir dié wat nie gereed is om God te ontmoet nie! Jesus se boodskap in Matt. 25 oor die tien maagde spreek boekdele, veral wanneer Jesus se woorde in vers 13 direk met ons praat: *"Waak dan, omdat julle die dag en die uur nie weet waarop die Seun van die mens kom nie."*

As jy gereed is vir die Werderkoms, is jy gereed vir enige iets.
Moenie alles probeer verstaan oor "Bloedmane" nie.
Besluit eerder dat jy sal dors na God – en jy sal gered word!

**Ons is veilig in Sy hande**

**Johannes 10:27,28** *"My skape luister na My stem, en Ek ken hulle, en hulle volg My. En Ek gee hulle die ewige lewe, en hulle sal nooit verlore gaan tot in ewigheid nie, en niemand sal hulle uit My hand ruk nie."*

'n Gholfstok in my hande beteken nie veel nie, maar in 'n kampioenspeler se hande is dit miljoene rand werd. 'n Stok in Moses se hand het die Rooisee gekloof. Twee vissies en vyf brode in my hande beteken net 'n paar vis-toebroodjies, maar twee vissies en vyf brode in Jesus se hande beteken dat duisende mense gevoed kon word. Met spykers in my hande kan ek 'n kassie bou, maar die spykers wat in Jesus se hande geslaan was aan die kruis het oorwinning en verlossing gebring vir die hele wêreld.

Maar die vraag is: In wie se hande is jy? Want indien jy in God se hande is het jy die versekering dat jy nooit verlore sal gaan nie. Ons Skrifgedeelte gee jou die gemoedsrus dat niks en niemand jou sal kan ruk uit God se hande nie. Sit jou bekommernisse, jou vrese, jou hoop, jou drome, jou familie, jou verhoudings opnuut in God se hande.

Jou beskerming en voorsiening hang af in wie se hande jy is. Maak seker dat jy luister na God se stem en dat jy Hom volg. Jy sal ontslae kan raak van vrees deur te skuil by jou die Here.

**God se woord staan vas**

**Psalm 119:89,96** *"U woord, Here, staan vir altyd vas in die hemel...Ek het ondervind dat elke volmaaktheid perke het, net U gebod het geen begrensing nie."*

Psalm 119 het 176 verse, en elkeen verwys na God se Woord. Verskillende woorde word gebruik vir God se Woord, soos: die wet, Sy getuienisse, Sy bevele, Sy insettinge, Sy gebooie, Sy verordeninge.

Oordink weer die volgende uitstande verse in Psalm 119:
Ps. 119:9 *"Hoe kan 'n jongmens sy lewe skoon hou? Deur hom te hou aan U woord."*
Ps. 119:11 *"Ek het U woord in my hart gebêre, dat ek teen U nie sal sondig nie."*
Ps. 119:105 *"U woord is 'n lamp vir my voet en 'n lig vir my pad."*
Ps. 119:140 *"U woord is deur en deur gelouter, en U kneg het dit lief."*
Ps. 119:160 *"Alles wat U sê, is die waarheid, elke woord daarvan! Dit sal vir altyd en altyd die waarheid bly."*
(Die Boodskap)

Ek wil jou aanmoedig om gereeld jou Bybel te lees, en lees dit totdat dit met jou praat. Dit gaan nie oor hoeveel hoofstukke jy lees nie, maar let op wat jy lees en jy sal die Here se stem hoor wat met jou praat vanuit jou eie Bybel.

Die Bybel is 'n goudmyn – jy moet dieper gaan vir die goud.
Lees Psalm 119 met groot aandag en kry 'n woord vir jouself.
Deel wat jy ontvang het met iemand wat dit nodig het.

**Gee met die regte gesindheid**

**2 Korintiërs 8:12,13** Die Boodskap: *"Die belangrikste van alles is dat julle julle geld met die regte gesindheid sal gee. Dan maak julle God se hart sommer baie bly. Natuurlik vra God nie meer van julle as wat julle besit nie. Nee dra net...by uit die geld wat julle tot julle beskikking het. Julle hoef regtig nie elke sent op julle naam weg te gee nie."*

Paulus leer in hierdie Skrifgedeelte die gemeente in Korinte belangrike beginsels in gee. Ek is oortuig dit is ook beginsels vir ons vandag wanneer ons wil gee. Dit gaan nie oor hoeveel ons gee nie maar met watter gesindheid ons gee. God vra nie meer as wat ons besit nie, en in 2 Kor. 9:7 lees ons dat ons moet gee met 'n hart van blydskap, omdat God 'n blymoedige gewer liefhet.

Jesus leer die volgende waarheid oor gee in Lukas 6:38 *"Gee, en aan julle sal gegee word."* Paulus voeg by in Hand. 20: 35 *"Om te gee, maak 'n mens gelukkiger as om te ontvang."* Dan voeg Salomo by in Spr. 19:17 *"Wie hom oor 'n arm mens ontferm, gee 'n lening aan die Here, en Hy sal hom ten volle vergoed."*

Dit is 'n voorreg om te kan gee, werk altyd aan jou gesindheid. Indien jy "saad" in die grond gesit het, kan jy 'n "oes" verwag. Ek bid dat die Here jou 'n groot verrassing gaan gee!

**God vereer oorwinnaars**

**Openbaring 2:7,11** *"Aan hom wat oorwin, sal Ek gee om te eet van die boom van die lewe wat binne-in die paradys van God is...Wie 'n oor het, laat hom hoor wat die Gees aan die gemeente sê. Die wat oorwin, sal deur die tweede dood geen skade ly nie."*

**Openbaring 21:7** *"Hy wat oorwin, sal alles be-erwe; en Ek sal vir hom 'n God wees, en hy sal vir My 'n seun wees."*

Van jongsaf word ons kinders geleer om hul sport net te geniet en dat dit nie gaan oor om te wen nie. (Ek wonder of dit nie ook 'n invloed uitoefen op ons Springbokke nie?) Oordink ons Skrifgedeelte hierbo en besluit om in alles net jou beste te gee.

Het jy geweet dat God vereer oorwinnaars! Een uitstaande voorbeeld in die Bybel vind ons toe Israel 12 spioene ingestuur het om Kanaän te gaan verken. Tien het terug gekom met die boodskap dat daar te groot reuse is in die land en dat hulle soos sprinkane is. Hierdie manne het ook name gehad maar ons lees nie wie hulle was nie. Ons lees net van Josua en Kaleb, hoekom? Omdat hulle geglo het dat God Israel sal help om die land in besit te neem. Josua en Kaleb was deur God vereer omdat hulle nie bang was nie, maar oorwinnaars was. (Miskien moes ek gesê het dat God net oorwinnaars vereer?)

Moenie jou skaar by verloordes nie, maar by wenners.
Meng net met mense wat 'n wen mentaliteit het.
Sy krag sal in elk geval in jou swakheid volbring word.

**Gee met geloof in jou hart**

**Prediker 11:1** *"Werp jou brood op die water, eendag kry jy dit terug."*

Om jou brood weg te gee spreek van iets wat baie kosbaar en waardevol is vir jou. Moenie bang wees om te gee nie, want wat jy gee is geneig om terug te kom na jou en gewoonlik kom dit in 'n groter hoeveelheid terug. Jy maai altyd meer as wat jy gesaai het, anders sal geen boer wil voortgaan met wat hulle doen nie.

Iets wonderliks rakende God se wet oor "saai en maai" is dat dit nie gebonde is aan seisoene nie. Jy kan dwarsdeur die jaar saai, sodat jy dwarsdeur die jaar kan oes. Neem kennis dat die saad wat jy in die grond sit sal nie altyd dadelik opkom nie, want soms moet jy wag vir die oes.

Ek bring weer Luk. 6:38 onder jou aandag, naamlik: *"Gee, en aan julle sal gegee word."* Jy moet altyd die eerste beweging maak, daarom... gee eers as jy wil ontvang. Indien jy besig was om twyfel, ongeloof en vrees te "saai" wat verwag jy om te "maai"? Tot 'n mate hou jy die sleutel van jou eie toekoms in jou hand. Neem 'n stap van geloof en gee wat jy het om jou oes te verseker.

Wees getrou om goed te doen, want dan sal jy maai. (Gal. 6:9)
Saai jouself uit jou moeilikheid uit. Het jy mooi gehoor?
Moenie net bid nie, jy moet jouself uit jou moeilikheid gee.

**Jou gebed het baie krag**

**1 Timótheüs 2:1,2** Die Boodskap: *"Die eerste ding wat ek vra,is dat julle vir almal moet bid. Vra dat God almal moet help met wat hulle nodig het en sê vir God dankie daarvoor. Dit maak nie saak of dit die belangrikste persoon in die regering is en of dit sommer 'n gewone polisieman is nie, bid vir elkeen wat moet sorg dat alles goed gaan in die gemeenskap. Julle sal die vrugte daarvan pluk, want julle sal dan in rus en vrede julle gang kan gaan en kan leef soos God wil hê julle moet leef."*

Ons het 'n duidelike opdrag van God ontvang hoe ons moet bid vir ons land se leiers. Ons moet nie alles wat verkeerd is kritiseer nie, maar ons moet bid. Miskien vra jy of jou gebed enige iets kan doen aan die baie verkeerde dinge wat ons tans ervaar in ons land? Hoe kan jou gebed die bedrog, moord en misdaad stuit? Omdat ons nie altyd glo dat daar krag in ons gebed is nie, bid ons nie vir ons regering en alle leiers van ons gemeenskap nie.

Bid soos wat God se woord vandag vir jou sê om te bid. Daar is geen raad of komitee, geen parlementslid, wat God se wil vir Sy mense kan stuit nie. God roep jou en my op om in gebed in te tree vir die nood van ons tyd. Luister as die Here dinge op jou hart plaas waarvoor jy moet bid, en glo in jou eie gebed.

As gelowige raak betrokke in wat aan die gebeur is om jou.
Besluit om 'n verskil te maak deur te bid vir jou land.
En moet nooit die krag in jou eie gebed onderskat nie.

## Bewaar alles wat kosbaar is

**2 Timótheüs 1:14** Die Lewende Bybel: *"Pas hierdie kosbare dinge mooi op wat aan jou toevertrou is. Die Heilige Gees wat in ons woon, sal jou die krag gee om dit te doen."*

Een van die kosbare dinge wat Timótheüs moes bewaar was God se waarhede in sy lewe. Die 'Amplified Bible' vertaal dit met *"Guard and keep [with the greatest care] the precious and excellently adapted **truth** which has been entrusted to you, by the help of the Holy Spirit Who makes His home in us."*

Een ding wat jy moet bewaar is jou hart (die innerlike deel van jou lewe) want dit wat jy toelaat in jou hart sal bepaal wie jy is. (Spr. 23:7) Ja, soos jy dink, so is jy. Let weer op wat geskrywe staan in 1 Joh. 3:20-22 *"...want as ons hart ons veroordeel, God is meer as ons hart, en Hy weet alles. Geliefdes, as ons hart ons nie veroordeel nie, dan het ons vrymoedigheid teenoor God; en wat ons ook al bid, ontvang ons van Hom..."*

Bewaar ook jou mond, volgens Spr. 18:21, want dood en lewe kom daaruit. Tel jou woorde en sorg dat jy versigtig sal wees om nie negatiewe dinge te spreek nie. Jy is in die wêreld maar nie van die wêreld nie. Praat nie saam met ongelowiges nie.

Vra jou gesin om jou reg te help wanneer jy verkeerd praat.
Ons gesin het besluit om mekaar te help om reg te praat.
Jy is persoonlik verantwoordelik om wat kosbaar is te bewaar.

**Elkeen wat asemhaal, loof die Here**

**Psalm 150** Die Boodskap: *"Kom prys die Here...Hy is so groot, die hemelruim is net 'n stukkie van Sy blyplek. Prys Hom omdat Hy so sterk is. Loof Hom, want Sy grootheid kan jy op geen manier meet nie...Prys Hom met 'n instrument of deur te sing en te dans...Elkeen wat asmehaal, luister nou: Loof die Here."*

Wanneer ek die Bybel in Afrikaans lees, dan lees ek die 1953, die 1983 vertalings. Maar ek lees ook Die Boodskap en Die Lewende Bybel. Dit help my om 'n beter begrip te kry van wat in die Skrif staan. Ek het weer met aandag Psalm 150 gelees omdat my hart so vol dank teenoor God is.

Wat ek weet is dat daar sewe Hebreeuse woorde is in die Bybel wat as lof en prys teenoor God gebruik word. In Ps. 150 kom vier van hierdie woorde voor.
In vers 4 vind ons die woord *"todah"* wat beteken dat ons God met *"uitgebreide hande"* moet loof. Dit is hande met bewondering. In vers 5 kom die woord *"tehillah"* voor wat verwys na *"sang en musiek"* Daar is ook die woord *"yadah"* wat weereens verwys na ons hande, maar hierdie keer beteken dit *"spontane opheffing van ons hande"*
Die woord *"barak"* kom ook voor en beteken om God te loof met iets *"tasbaar"* (soos jou finansies) God is tog die een wat alles geskep het wat ons kan geniet.

Jy hoef nie die Hebreeuse woorde te ken om God te loof nie.
Ek wou egter net graag hierdie waarhede met jou deel.
Loof en prys God soos jy in jou hart voel om dit te doen.

## Waaraan hou jy vas?

**1 Konings 2:28** *"Toe die gerug by Joab kom – want Joab was aan die kant van Adónia, alhoewel hy nie aan die kant van Absalom was nie – het Joab gevlug na die tent van die Here en die horings van die altaar vasgehou."*

Wie was Joab en waarom het hy gevlug na die tabernakel om die horings van die altaar vas te hou? Joab was 'n leerowerste van koning Dawid. Hy het gevlug vir sy lewe omdat hy die onskuldige bloed van Abner en Amása vergiet het. Salomo voer sy vader Dawid se bevele uit en daarom soek hy nou die lewe van Joab. (1 Kon. 2:5,6)

Joab het hom gehaas om by die heilige altaar in die tabernakel uit te kom, en daaraan vasgehou met al sy krag. Hy het gedink dit sou sy lewe red. Ongelukkig, vir hom, het Benaja hom dood gemaak terwyl hy vasgeklou het aan die altaar.

Wat het hierdie verhaal vandag met ons te doen? Dit leer ons ten eerste dat sonde 'n mens inhaal. Maar seker die grootste les in hierdie verhaal is dat niks ons sal help om aan "heilige altare" vas te hou nie! Godsdiens sal ons nie help nie. Dit sal ons niks baat om te sê: *"Ek het my kerk; ek is 'n getroue lidmaat; ek lees gereeld my Bybel en ek bid; ek gee aan die kerk en aan die armes."* Vir baie mense is hierdie dinge heilige altare.

Neem kennis: Ons moet nie vas hou aan 'n "heilige altaar" nie. Daar is net een plek om heen te vlug – dit is na Jesus Christus! Hy is die weg, die waarheid en die lewe. (Joh. 14:6)

## Dag na dag dra Hy ons

**Psalm 68:20** *"Geloofd, sy die Here! Dag ná dag dra Hy ons; God is ons heil! Sela."*

Die Boodskap: *"Loof die Here! Hy dra ons elke dag! God help ons."*

Dawid het hierdie Psalm as 'n oorwinningslied geskryf sodat dit gesing kon word deur die volk van Israel. Hulle moes weet dat die God wat hulle dien hulle nie net nou en dan sal dra nie, maar elke dag van hulle lewe! Dit moet jy en ek ook opnuut besef. Die Here het nog nooit moeg geword om jou te dra nie, en sal nooit moeg word nie. Wanneer jy die woord "Sela" lees moet jy weet dit beteken dat jy mooi moet dink wat daar geskrywe staan.

Die belofte wat God aan Israel gegee het in Deut. 1:30,31 is ook vir jou vandag. Daarin beloof God om voor jou uit te trek, dat Hy vir jou sal stry, en dat Hy jou sal dra *"soos 'n man sy seun dra op die hele pad wat jy sou gaan"* – glo niks minder as dit nie!

Dan beloof God jou verder in Jes. 46:3,4: *"Luister na My...julle wat deur My gedra is van die moederskoot af, opgeneem is van die geboorte af; en tot die ouderdom toe is Ek dieselfde, ja, tot die grysheid toe sal Ek julle dra..." (het jy mooi gehoor?)*

Ps. 91: 11,12 Die Boodskap vertaling:

*"Sy engele sal jou omring wanneer die Here vir hulle sê om dit te doen. Hy sal sê dat hulle jou moet beskerm. Hulle sal jou veilig in hulle hand vashou sodat jy nie seerkry nie."*

## Witter as sneeu

**Psalm 51:9** *"Ontsondig my met hisop, dat ek kan rein wees; was my, dat ek witter kan wees as sneeu."*

In Psalm 51 vind ons Dawid waar hy sy sonde voor die Here bely omdat hy jammer is dat hy 'n ander man se vrou geneem het en nog daarby die man laat vermoor het. Dawid vra God se genade, en dat hy gewas word van sy sonde, sodat hy rein kan wees.

Dan bid hy tot God en vra: "Ontsondig my met hisop..." (Hierdie woorde kom net voor in die 1953 vertaling) Vir ons is dit vreemde woorde, maar Dawid wat 'n man van die veld was het hisop geken. Dit was 'n woestynplant wat gebruik was om pyn te stil. Diep in Dawid se hart was daar 'n pyn omdat hy sonde gedoen het. Hy vra kinderlik, in die taal wat hy ken, dat God vir hom iets sal doen sodat die innerlike pyn kan verdwyn.

Joh. 19:28-30 vertel ons dat Jesus aan die kruis baie dors geword het. Iemand het 'n spons met asyn gevul en op 'n hisopstingel gesit en aan Sy mond gebring. Volgens hulle was dit om Sy dors te les en pyn te verlig.

Vandag is daar baie mense wat pyn diep in hul binneste het.
Ek beveel nie hisop aan, soos wat Dawid gebid het nie.
Dit is net die bloed van Jesus wat alle seer en pyn wegneem.

**Moenie dronk word van wyn nie**

**Efesiërs 5:18** *"Moenie dronk word van wyn nie – daarin is losbandigheid; maar word met die Gees vervul."*

Vandag waag ek baie om 'n Dagstukkie oor hierdie teks te skryf. Ek wil nie in 'n debat betrokke raak rakende die gebruik van alkohol nie. Ek het ook nie tyd daarvoor nie.

Die stelling word gemaak dat alkolisme 'n siekte is.

- ✓ As dit 'n siekte was, is dit die enigste siekte wat deur jou eie wil oor jou kom.
- ✓ Dit is dan die enigste siekte wat bedryf word deur 'n lisensie.
- ✓ Dit is dan die enigste siekte wat gebottel en verkoop kan word.
- ✓ Dit is dan die enigste siekte wat gewoonte-vormend is.
- ✓ Dit is dan die enigste siekte waarvoor jy beboet kan word.
- ✓ Dit is dan die enigste siekte wat jaarliks duisende dood maak op ons paaie.
- ✓ Dit is dan die enigste siekte wat die patient uit die hemel kan hou.

Dank God vir die tweede deel van ons teks: *"...maar word met die Gees vervul."*
Want die waarheid is: Hy wat vol is van die Gees tree soms op soos hy wat vol is van wyn. Hy het 'n groot blydskap en is baie lief vir almal. Ek het gesien hoedat 'n dronkman selfs 'n paal omhels asof dit sy vrou was.

Hy wat vol is van wyn gee maklik, hoeveel temeer ons wat vol is van Sy Gees?
Hy wat vol is van wyn glo hy is sterk, hoeveel temeer ons wat Sy Gees het?
Ons wat vol is van God se Gees behoort oor te loop van liefde.

**"Ek is met vars olie gesalf"**

**Psalm 92:11** *""U verhoog my horing soos van 'n buffel; ek is met vars olie gesalf."*

Die ander Afrikaanse Bybels vertaal ons teks nie soos wat die 1953 vertaling dit doen nie, terwyl die meeste Engelse vertalings ook praat van *"anointed with fresh oil"* Vir my bly hierdie uitdrukking oor God se Heilige Gees olie een van die treffendste tekse in die Bybel, want dit bly iets wonderlik om te kan uitroep: *"Ek is met vars olie gesalf."*

Een ding wat duidelik is, is dat wanneer God jou salf met Sy vars olie het dit verseker 'n effek op jou as mens.
Volgens Ps. 92:12-15 het dit 'n effek op jou oë, asook jou ore, jou geestelike groei, jou standvastigheid en selfs wanneer jy ouer geword het op jou lewenskragtigheid.

Kyk weer mooi na vers 12, dan sal jy vind dat die "vars olie" wat God aan jou gee sal jou in oorwinning laat staan teenoor hulle wat jou kwaad wil aandoen. As jy deur God gesalf is sal jy geestelik kan groei en vasstaan soos 'n palmboom. (v.13) Jy sal selfs "geplant" wees in God se huis volgens vers 14. Ek kan nie verstaan dat mense sê dat hulle lief is vir die Here maar dan kom hulle nie kerktoe toe. Bó alles as jy deur God gesalf is sal vers 15 vir jou waar word, naamlik: *"Selfs in hulle ouderdom sal hulle nog toeneem in krag. Hulle sal fris en lewenskragtig wees."*

Was jy al met God se vars olie gesalf?
Ek praat van die Heilige Gees wat alles sal vars maak in jou.
As jy dit begeer vra vandag jou hemelse Vader daarvoor.

## Wees 'n Voorbidder

**1 Timoteus 2:1,2** Die Lewende Bybel: *"Die eerste wat ek jou wil aanraai, is dat jy vir almal moet bid. Vra dat God hulle genadig moet wees, bid vir alles wat hulle nodig het en sê God dankie vir hulle. Bid vir almal wat regeer en in verantwoordelike posisies is sodat ons rustig en in vrede kan leef en God kan dien en respekteer."*

Moet ons regtig doen wat hier geskrywe staan, naamlik om vir "almal" te bid? Kan ons nie maar net vir ons naby familie bid nie? Ons moet vir ons familie bid, maar ons moet "wyer" bid as dit. Indien ons dit doen dan kan ons onsself beskou as 'n Voorbidder. Kyk weer mooi na die laaste sin in ons teks, en bid vir hulle wat regeer, sodat daar rus in ons land sal kom.

'n Voorbidder is juis iemand wat vir ander mense bid en vir hulle intree by die Here. Een sterk eienskap van 'n voorbidder is dat hy nooit sy eie belange eerste stel nie. Lees gerus weer Ex. 32:11-14, dan sal jy sien dat Moses tussen God en Israel in gebed kon staan. Die eerste kerk in Handelinge het geweet wat dit was om voorbidding te doen. Toe Petrus in die tronk was het hulle ernstig vir hom ingetree, en God het hom op 'n wonderlike wyse uit die tronk gered. Ons lees hierdie aangrypende verhaal in Hand. 12.

Volgens Rom. 8:26 help die Heilige Gees ons om te bid.
Want baie keer weet ons nie hoe ons moet bid nie.
Die Gees bid nie namens ons nie maar help ons om reg te bid.

## God sal jou bewaar

**Psalm 91:1,2** Die Boodskap: *"As jy na die allerhoogste God toe gaan dat Hy jou moet oppas, kan jy van een ding seker wees: Die almagtige God sal jou bewaar. Jy kan vir die Here sê: 'U beskerm en bewaar my. U is my God op wie ek vertrou.'"*

Is dit moontlik om sonder vrees te leef in hierdie gevaarlike en onvoorspelbare lewe? Dit is, omdat ons kan staatmaak op die beloftes van die Here dat Hy ons sal beskerm. Maar hierdie belofte van beskerming is nie net vir enige persoon nie, maar vir hulle wat skuil by die Here en hulle wat poog om naby die Here te leef.

Kom ons wees net duidelik oor een ding en dit is dat God se belofte van beskerming beteken nie dat die duiwel jou sal uitlos nie. Maar al sal die duiwel wapens teen jou wil gebruik sal dit nie slaag nie. Lees en glo Jes. 54:17: *"Geen wapen wat gesmee word om jou aan te val, sal iets uitrig nie..."*

As vrees jou wil oorval spandeer meer tyd in God se woord en in gebed. Skuil dieper in die Here want Hy het die volgende beloof in Ps. 34:8:
*"Die Engel van die Here trek 'n laer rondom die wat Hom vrees, en red hulle uit."*

## Bid met groter meegevoel

**Matthéüs 14:14** *"En toe Jesus uitgaan, het Hy 'n groot skare gesien en innig jammer vir hulle gevoel, en Hy het hulle siekes gesond gemaak."*

Volgens Joh. 14:12 belowe Jesus dat as ons in Hom glo sal ons selfs groter werke doen as wat Hy gedoen het. Glo jy (soos ek) wat Jesus hier gesê het? Die vraag is: Hoekom sien ons dit nie vandag nie?

Kan jy glo dat vandag se tradisie sê dat God verheerlik word deur ons pyn en siekte? Maar dit is nie wat die Bybel leer nie. Die Bybel leer God word verheerlik wanneer die blinde sien, die lamme loop en die gebrokene herstel en heelgemaak word.

Waar God se woord vir die eerste keer tot mense gebring word is dit makliker vir hulle om te glo dat Sy woord waar is en dat Hy hulle wil red en genees. Vir hulle is dit nie moeilik om hul krukke weg te gooi en die evangelie boodskap te aanvaar nie. Indien ons weer God se woord só sal aanvaar sal ons meer wonders en tekens sien gebeur.

Laat jy en ek God bid vir 'n groter meegevoel vir hulle in nood.
Wees deel van God se hand wat uitryk na mense.
Soos die lied dit in Engels stel: *"Oh, to be His hand extended."*

**Geloof soos 'n "Mosterdsaad"**

**Matthéüs 17:20** *En Jesus antwoord...as julle geloof het soos 'n mosterdsaad sal julle vir hierdie berg sê: Gaan weg hiervandaan daarnatoe! En hy sal weggaan, en niks sal vir julle onmoontlik wees nie."*

Het jy gehoor? Jy kan jou "klein" geloof wat so klein is as een van die kleinste sade wat bestaan naamlik 'n mosterdsaad, gebruik om berge van probleme te verskuif. Verder voeg Jesus daarby dat niks sal vir jou onmoontlik wees nie. Glo dit met jou hele hart!

Dit is wonderlik om te weet dat God aan ons almal 'n mate van geloof gegee het volgens Rom.12:3. Die Boodskap vertaal Rom. 12:3 met: *"Onthou dat julle geloof 'n geskenk uit God se hand is. Wees dankbaar vir die geloof wat julle wel van Hom ontvang het."*

As jy in die skaduwee van jou berg (jou probleme) geleef het en gewag het dat God aan jou 'n spesiale mate van geloof sou gee, dan het jy tevergeefs gewag.

Gebruik die geloof wat jy het, want dit is meer as genoeg. Verwyder alle ongeloof en luister nie na negatiewe woorde nie. Wees bereid om te glo dat by God alle dinge moontlik is.

# God is ‘n goeie God

**Psalm 136:1** *"Loof die Here, want Hy is goed. Aan Sy liefde is daar geen einde nie."*

Jy sal sien dat elke vers in Psalm 136 eindig met: *"Aan Sy liefde is daar geen einde nie."* Dit is duidelik dat God wil hê ons moet hierdie groot waarheid nie vergeet nie.

Baie keer gebeur daar slegte dinge met ons, wat ons net nie kan verklaar hoekom dit oor ons gekom het nie. En hoe meer ons antwoorde daarvoor probeer soek, hoe meer onverstaanbaar word dit vir ons. My raad aan jou (en ook aan myself) is om net te bly glo dat ons ‘n goeie God dien en dat ons teks vir ons ‘n werklikheid is.

Moenie glo dat siekte en rampe van die Here kom nie. Want indien jy dit glo sal dit nie vir jou maklik wees om God vir oorwinning te kan vertrou nie. In Psalm 103:3 lees ons: *"Dit is Hy wat **al my sonde** vergewe, wat **al my siekte** genees..."* Nie net sommige sonde en siekte nie! Ons lees in Ex. 15:26 *"...dit is Ek, die Here, wat julle gesond maak."* Ps. 145:8,9 *"Genadig en barmhartig is die Here, lankmoedig en vol liefde. Die Here is vir almal goed en barmhartig oor alles wat Hy geskep het."*

Glo in voorspoed en nie teenspoed nie. Glo in geluk en nie droefheid nie.
As iets jou blydskap gesteel het moet jy weet dat die Here dit wil herstel.
Raak ontslae van twyfel en ontvang seën uit God se hand.

**Werklikeid teenoor Waarheid**

**Johannes 8:32** *"En julle sal die waarheid ken, en die waarheid sal julle vrymaak."*

Ons moet weet dat daar 'n "Werklikheid" in die lewe is, maar as gelowiges moet ons ook weet dat daar 'n "Waarheid" is.

Die werklikheid mag wees dat een van jou geliefdes tans baie ernstig siek is, óf selfs is dit jy wat nou deur 'n dal van siekte gaan? Moenie luister na al die negatiewe dinge wat mense sê nie. Soos 'n vriend wat in hierdie week aan my vertel het hoe mense die nuus versprei dat dit sleg gaan met hom, terwyl hy weet dat God hom gesond gemaak het.
Onthou: Die werklikheid kan wees dat iemand siek is, erken dit. Maar die waarheid is dat deur Jesus se wonde het daar vir ons genesing gekom! (1 Pet. 2:24; Jes. 53:5)

Die werklikheid kan wees dat jy tans onder 'n geweldige finansiële druk gaan, en dat jy geen uitkoms kan sien nie. Maar die waarheid wat jy moet glo is in Fil. 4:19 *"En my God sal elke behoefte van julle vervul na Sy rykdom in heerlikheid deur Christus Jesus."* Die Lewende Bybel vertaal dit met: *"Dit is Hy wat julle alles sal gee wat julle nodig het. Hy sal dit op Sy eie wonderlike manier doen..."* Wonderlik! Dit kan jy beslis glo!

Vrees nie om die "Werklikheid" in die gesig te staar nie.
Maar weet dat daar ook 'n "Waarheid" is in God se Woord.
God se Waarhede sal jou elke keer vry maak!

**As moeilikheid oor jou kom**

**Psalm 34:20** *"Menigvuldig is die teëspoede van die regverdige, maar uit dié almal red die Here hom."*

Let op hier word in 'n meevoud-vorm gepraat, naamlik *"teëspoede"* en *"uit dié almal"* Ja, teëspoed kom soms die een na die ander. Maar dank God dat Hy ons keer-op-keer daaruit red. God word nooit moeg om dit vir ons te doen nie. Die Nuwe Vertaling vertaal ons teks met: *"Al word die regverdige ook deur hoeveel rampe getref, die Here red hom uit almal."*

Omdat Paulus geweet het dat God hom elke keer sal uitred, kon hy die volgende aan ons geskryf het in 2 Kor. 4:8, wat ek aanhaal uit Die Boodskap: *"Ek kry dikwels swaar, maar ek is nooit mismoedig nie. Ek weet nie elke dag presies wat ek moet doen nie. Tog is ek nooit radeloos nie. Ek word vervolg, maar ek weet God los my nooit alleen nie. Ek word onderstebo geloop, maar ek staan elke keer weer op."*

Ek weet nie wat jou huidige omstandighede vandag is nie? Maar ek kan met groot vrymoedigheid ons teks met jou deel. Skep moed en hou vas aan die beloftes in die Bybel.

## God sê: "Ek is wat Ek is"

**Exodus 3:14** *"En God sê vir Moses: EK IS WAT EK IS. Ook sê Hy: So moet jy die kinders van Israel antwoord: EK IS het my na julle gestuur."* (Ou Vertaling)

God se Naam word uitgedruk met die volgende letters in die Ou Testament, naamlik "YHVH"
Omdat Israel bang was om die Naam van die Here verkeerd te gebruik, het hulle nie gewaag om Sy Naam voluit uit te spreek nie. Toe God vir Moses geroep het om Israel uit Egipte te lei, waar hulle slawe was, het Hy vir Moses dié woorde in ons teks gegee.

God is en was eerste, daarom bestaan jy. Indien jy bereid is om Hom altyd eerste te stel in jou lewe, sal Hy vir jou sorg. Ons lees in Ps. 37:5 (In Die Lewende Bybel) die volgende: *"Laat jou hele lewe aan die Here oor, want as jy op Hom vertrou, sal Hy vir sorg."* Glo dit!

Laat alles in jou lewe begin by God, en uit Hom vloei. Doen dus wat geskrywe staan in Psalm 37:5. Wees ook wat God beplan het wat jy moet wees volgens Gen. 1:28. Besluit om iemand te wees wat geestelike vrug voortbring en iemand wat kan heers.

Sonder God sal ons nie meer as oorwinnaars kan wees nie.
Met die "EK is" wat ons wil bystaan, sal ons dit kan bereik.
Soek altyd God eerste in alles en jy sal 'n nuwe wêreld ontdek.

# God gaan iets nuuts doen

**Jesaja 43:19** *"Kyk, Ek gaan iets nuut maak; nou sal dit uitspruit; sal julle dit nie merk nie? Ja, Ek maak 'n pad in die woestyn, riviere in die wildernis."*

Die Lewende Bybel: *"Hoor hier, Ek gaan iets nuuts doen. Eintlik het dit al begin – kan julle dit nie sien nie? Ek sal 'n pad deur die woestyn maak en vir julle strome water gee waar dit droog is."*

Oorspronklik was hierdie 'n belofte wat aan Israel as nasie gegee is, maar ek glo dit is ook vir as ons volk bedoel. As ek daaraan dink hoeveel gelowiges in ons land besig is om God aan te roep vir 'n geestelike deurbraak, dan weet ek daar wag vir Suid-Afrika 'n baie mooi toekoms.
Ek glo dit want hierdie land behoort aan die Here! Dank God wat reeds die afgelope jaar gebeur het by "It's Time" bid tye!

Ons moet bly glo in God se belofte soos wat geskrywe staan in 2 Kronieke 7:21 *"En as My volk, oor wie My Naam uitgeroep is, hulle verootmoedig en bid en My aangesig soek en hulle bekeer van hul verkeerde weë, sal Ek uit die hemel hoor en hulle sonde vergewe en hulle land genees."*

God se mense moet wees soos wat ons lees in:
Hand. 17:6: *"Die mense wat die wêreld in opstand bring...het hier ook gekom."*
Kom ons vat hande regoor ons land en glo God se beloftes!

## Bly afhanklik van die Here

**1 Kronieke 14:10-14:** *"Toe het Dawid God geraadpleeg en gesê: Sal ek optrek teen die Filistyne en sal U hulle in my hand gee? En die Here het aan hom gesê: Trek op en Ek sal hulle in jou hand gee...Maar die Filistyne het hulle nog weer in die dal versprei. Toe raadpleeg Dawid God weer..."*

Dawid het twee keer na mekaar God gevra of hy kan optrek om teen die Filistyne te veg, en presies gedoen soos wat God gesê het. 'n Mens sou dink dat hy maar uit sy eie weer die Filistyne soos die vorige keer sou aandurf, maar Dawid doen dit nie. Al het hy hulle die eerste keer verslaan, vra hy God wat hy moet doen toe die Filistyne weer 'n keer optrek teen hom.

Pasop vir vorige sukses! Moenie daarop bou en meen dit sal weer werk nie. Sorg dat jy 'n vars woord van die Here kry voordat jy iets aanpak.

Moenie wees soos 'n predikant wat 'n ou preek wil preek, sonder dat hy 'n vars woord van God ontvang vir sy nuwe gehoor nie. Ons moet nooit ons afhanklikheid van die Here verloor nie.

Leef Psalm 37:5 uit soos dit geskrywe staan in Die Boodskap.
*"Stel jou lewe elke dag in die Here se hand. Vertrou op Hom. Hy sal jou op die regte pad hou."*

**Besluit om jou doel te bereik!**

**Matthéüs 11:12** Die Lewende Bybel: *"Vandat Johannes die Doper begin preek het tot vandag toe is die nuwe ryk waarin God regeer, besig om deur elke weerstand te breek, en mense wat al hulle kragte daarop konsentreer, maak dit hul eie."*

Die Boodskap sê: *"Mense wat op en wakker is, gryp elke geleentheid aan om deel te word daarvan."* Die Nuwe Afrikaanse Bybel sê: *"...mense wat hul kragtig inspan, kry dit in besit."* Dit wys dat ons God se koninkryk ernstig moet opneem, en wat ons doen moet ons met al ons kragte doen.

Wat jy ookal geestelik wil bereik, sal jy met oorgawe en entoesiasme bereik. Ons lees in Rom. 12:11: *"...wees vurig van gees; dien die Here."* Ek moedig jou dus aan: Neem 'n besluit om met nuwe ywer, entoesiasme, oorgawe en toewyding jouself te gee om jou geestelike doelpale te bereik.

Baie Christene vandag is doelloos terwyl hulle maar hoop die Here gaan hulle help om oorwinnings te behaal. Daar is 'n gevaarlike siele-vyand wat hard aan die werk is en as jy meer as oorwinnaar wil wees sal jy iets omtrent dit moet doen. In jou is die Heilige Gees wat 'n "Super Gees" is en sterker is as enige ander "gees" wat daar is.

Span al jou kragte in om elke aanslag van die vyand te oorwin. Nie deur jou krag nie, maar deur God se krag wat Hy sal gee. Sy krag kom tot volle werking wanneer jy swak is. (2 Kor. 12:9)

**Die Heilige Gees soos 'n Duif**

**Lukas 3:21,22** *"Toe al die mense hulle laat doop het, is Jesus ook gedoop, en terwyl Hy staan en bid, het die hemel oopgegaan en het die Heilige Gees in sigbare gestalte soos 'n duif op Hom neergedaal. Daar was ook 'n stem uit die hemel: Jy is My geluiefde Seun. Oor Jou verheug Ek My."*

Let weer op die woorde dat God se Gees in 'n sigbare gestalte, soos 'n duif, op Jesus neergedaal het. My vraag is: Hoekom word die Heilige Gees vergelyk met 'n duif?

**'n Duif is baie sensitief.** Daarom kan 'n mens die Heilige Gees bedroef, soos wat ons lees in Ef. 4:30 Die Boodskap: *"Moenie die Heilige Gees wat God vir julle gegee het, se hart seermaak nie. Dat die Gees in julle is, is die bewys dat julle aan God behoort..."* As jy Ef. 4:25-29 lees sal jy sien wat kan die Heilige Gees bedroef.

**'n Duif is rigtingvas.** Dink maar aan posduiwe en hoe hulle hul rigting vind terug na hul huise. Indien jy bereid is om God se Gees te vertrou sal Hy jou rigting gee. Glo dit ook vir hulle in jou familie wat geestelike rigting verloor het.

**'n Duif het geen galblaas nie.** Daar is geen bitterheid in God nie. Die Griekse woord vir bitterheid is "pikros" en beteken om te sny of te steek. As iemand geneig is om met hul mond "te sny of te steek" is daar sekerlik bitterheid in hul harte.

Bid soos Dawid gebid het in Psalm 51:12,13:
*"Skep vir my 'n rein hart, o God, en gee opnuut in die binneste van my 'n vaste gees...en neem u Heilige Gees nie van my weg nie."*

**Die Heilige Gees soos Wind**

**Handelinge 2:1,2** *"En toe die dag van Pinksterfees aangebreek het, was hulle almal eendagtig bymekaar. En daar kom skielik uit die hemel 'n geluid soos van 'n geweldige rukwind en dit het die hele huis gevul waar hulle gesit het."*

In die Bybel word die Heilige Gees vergelyk met wind. Toe God se Gees op die dissipels gekom het, op Pinksterdag (Hand. 2) word selfs melding gemaak van 'n geluid soos van 'n geweldige rukwind wat die huis vervul het waar hulle saam was.

Die Heilige Gees is nie "wind" nie, maar word vergelyk met wind. Die vraag wat ek wil vra is: Wat gebeur as jy probeer om teen 'n baie sterk wind te loop? Dit veroorsaak dat jy baie inspanning moet gebruik. Net so is dit wanneer jy beweeg teen die Heilige Gees.

Neem ook kennis dat die Heilige Gees is nie net "Gees" nie maar "Heilige Gees" omdat Hy heilig is. God se Gees, in jou, sal jou nooit lei na onheilige plekke en dinge nie. Indien jy in die rigting van die wind beweeg sal jy ondervind dat dit makliker is om te beweeg. Net so sal dit wees indien jy in die rigting beweeg wat God se Gees jou wil lei.

Het jy spanning? Verander jou rigting en herstel waar nodig. Draai om en gaan in die rigting wat die Heilige Gees jou wil lei. Laat toe dat God se Heilige Gees wind oor jou kom!

**Leef 'n vol lewe!**

**Psalm 90:12** *"Leer ons om ons dae so te tel dat ons 'n wyse hart mag bekom!"*

Ons tyd op aarde is beperk daarom het ons baie wysheid nodig om ons dae te beplan. Natuurlik het God finale beplanning en beheer oor elke mense se lewe, maar ons het ook 'n sê in ons lewe op aarde. Ons leef nie passief nie en moet God bid dat Hy ons wysheid sal gee om die beste wat ons kan te doen met ons lewe. Wat die Bybel ons wil leer is om nie doelloos te lewe nie.

In die oorspronlike Hebreeuse teks lees Ps. 90:12 soos volg: *"Teach us to 'manah' our days."* Die woord "manah" beteken (in Engels) "to count, reckon, number, appoint, prepare." Hierdie woord 'manah' meen nie net om jou dae te tel nie maar om jou dae te beplan.

Hoe kan ek my dae beplan wat nog moet kom? Deur te bid oor jou toekoms. En wat jy verder moet doen is om jou dae in God se hande te plaas en Hom te vertrou vir die pad vorentoe. Soos wat ons lees in Ps. 37:5,6 (Die Boodskap) *"Stel jou lewe elke dag in die Here se hand. Vertrou op Hom...Hy sal jou op die regte pad hou."*

Jou dae moet nie jou lewe bepaal nie. Maar jou lewe moet jou dae bepaal.
Baie leef om dood te gaan, terwyl ons moet leef om te leef!
Besluit om elke dag jou alles te gee om jou doel te bereik.

**Die Heilige Gees soos Water**

**Johannes 7:38,39** *"Hy wat in My glo, soos die Skrif sê: strome van lewende water sal uit sy binneste vloei. En dit het Hy gesê van die Gees wat dié sou ontvang wat in Hom glo; want die Heilige Gees was daar nog nie, omdat Jesus nog nie verheerlik was nie."*

Hierdie woorde het Jesus gesê by die huttefees wat in Jerusalem gehou was, toe die volk God gedank het vir die reën wat Hy aan hulle gegee het. Die huttefees was 'n jaarlikse fees. Die hoogtepunt was elke keer wanneer die hoëpriester in die middel van die stad skoon water uit 'n goue beker gegooi het terwyl die Levitiese koor gesing het. Presies op hierdie tyd het Jesus die woorde van ons teks uitgeroep.

Dit is treffend dat die Heilige Gees vergelyk word met "Water" soos wat ons hier lees. Ook in Joh. 4:9-15 het Jesus, in sy gesprek met die Samaritaanse vrou, die Heilige Gees vergelyk het met water. Sy het só dors geraak na hierdie water dat sy in Jesus geglo het en die stad gaan nooi het om na Jesus te kom luister. Jy sien, mense wat "drink" van die water wat Jesus gee, naamlik Sy Heilige Gees water, vind 'n dryfkrag om ander te gaan haal om ook in Jesus te glo. Is dit ook jou ondervinding?

Moet nooit jou dors verloor na Sy "Lewende Water" nie.
Onthou: Jy kan nie glo soos jy wil nie, maar soos die Skrif sê.
Niks kan ons "dors" les soos Sy wonderlike Heilige Gees nie.

**Kerk besoek is 'n goeie ding**

**Psalm 42:5** Die Boodskap: *"Met verlange dink ek terug aan die ou dae. Toe het ek die leiding geneem in die eredienste en feesgeleenthede. In die dienste het ek voorgegaan in gebed. Ek het leiding gegee wannneer ons saamsing. By lofprysings was ek die voorsanger. Ons het almal saam feesgevier om U te prys."*

Dit is Dawid wat in hierdie Psalm in oorwinning vertel hoe hy God se huis besoek het. Om kerk te besoek is 'n goeie ding om te doen. Lees gerus weer Jak. 4:17, en verstaan dit, naamlik: *"Wie dan weet om goed te doen en dit nie doen nie, vir hom is dit sonde."*

Ek kon nog nooit verstaan het dat mense weg bly van die kerk af oor dinge soos dat iemand hulle nie vriendelik gegroet het nie, óf dat iemand op sy plek gaan sit het nie, óf iets wat in 'n preek nie aanvaar was nie. Predikers en preke is mos nie volmaak nie, en selfs ons wat na preke luister nog minder.

Commented [D1]:

Kerkbesoek beteken om saam met ander gelowiges God te aanbid. Dit is beter as om alleen dit te doen. Dit is ook 'n tyd van "fellowship" met my geestelike familie. Dit is wonderlik om na 'n besige week weer mekaar te groet en te verneem hoe dit gaan.

Geen wonder dat Dawid dit uitgeroep het in Psalm 122:1
*"Ek was bly toe hulle vir my gesê het: Laat ons na die huis van die Here gaan!"*
Gaan gereeld kerktoe, dit is die regte ding om te doen!

## Hoe langer ons leef,
## hoe meer helder moet ons skyn

**Spreuke 4:18** *"Die pad van die regverdiges is soos helder oggendlig wat groei en sterker word tot dit heeltemal dag is..."*

Die Boodskap vertaal ons teks met: *"Totaal anders is die lewe van iemand wat die Here liefhet. Dit is soos 'n skerp lig wat almal kan sien en wat net al hoe helderder word..."*
Maar vir my stel 'The Message' dit die mooiste: *"The ways of right-living people glow with light, the longer they live, the brighter they shine."*

Ek verstaan Psalm 92:15 beter: *"Selfs in hulle ouderdom sal hulle nog toeneem in krag. Hulle sal fris en lewenskragtig wees."* (Lees gerus weer Psalm 92)
Liggaamlik sal die ouer mens besef hy kan nie meer alles doen nie, maar omdat hy God dien sal die lig van God in hom meer word en nie minder nie. Dit sal vir ons moontlik wees indien ons ook kan getuig dat God ons geself het met vars olie. (Psalm 92:11) Ek wil iemand vandag aanmoedig met die lied: *"Don't give up, you are on a brink of a miracle."*
Besluit dus om die Here met 'n groter entoesiasme te dien.

Laat toe dat die evangelie-lig sterker brand in jou lewe.
Dit moet uitvloei na hulle wat nog in geestelike duisternis lewe.
Veg nie duisternis nie, maar skakel lig aan ooral waar jy kom.

## Om lank te leef

**Spreuke 3:1,2** *"My seun, wat ek jou leer moet jy nie vergeet nie, hou vas aan wat Ek jou voorskryf, want dit sal vir jou 'n lang lewe verseker, dit sal maak dat jy 'n vol lewe het."*

Natuurlik het niemand die lewe in hul hand nie – alleenlik God besit die mag oor die lewe en die dood. Die probleem vandag is: Ek ontmoet talle mense wat nie lank wil lewe nie. Ons weet dat nie een van ons vir altyd op aarde sal leef nie, maar daar is beloftes in die Bybel dat ons 'n lang lewe kan geniet.

As ons praat oor ouderdom dan verwys mense na Moses se woorde in Ps. 90:9,10. Toe Moses hierdie woorde geskryf het was hy naby 'n honderd-en-twintig. Hoe kan hy dit bereik en vir ons sê ons sal nie dit kan haal nie?

Die raad wat ek aan elkeen wil gee wat 'n lang lewe van die Here begeer is: Glo die beloftes in die Bybel van 'n lang lewe, soos wat ons lees in die volgende Skrifgedeeltes: In Gen. 6:3 het God die volgende verklaring gemaak oor ons as mens: *"Sy lewensduur sal nou honderd en twintig jaar wees."* Dit was God se laaste woorde oor ouderdom. In Ps. 91:16 is nog 'n belofte van 'n lang lewe, en vergeet nie Ex. 20:12 nie.

Praat soos Kaleb, al was hy reeds 85 jaar. (Jos. 14:10-12)
Bewaar jou tong om reg te praat. (Spr. 18:21; 1 Pet. 3:10)
Verander jou denke, want soos jy dink so is jy. (Spr. 23:7)

**Bid en wag vir 'n antwoord**

**Psalm 5:4** Die Lewende Bybel: *"Here, soggens hoor U my bid want elke oggend lê ek my versoeke voor U en wag dan vir 'n antwoord."*

Die beste manier om jou dag te begin, is om met jou hemelse Vader te praat in gebed. Selfs Jesus het vroeg in die oggende met Sy Vader gaan praat volgens Markus 1:35. Weet dit dat die duiwel nie omgee as jy hardloop deur God se "groen weivelde" nie solank jy net nie daarin vertoef nie. (Ps. 23:2) Na gebed moet ons leer om te wag vir ons antwoord.

Moet ook nie net bid en dan haastig opspring om voort te gaan met jou dagtake nie. Praat met die Here en dra jou versoek op aan Hom, maar wag dan sodat Hy ook met jou kan praat. Die meeste van die tyd praat God met ons uit die Bybel, maar Hy kan ook in ons gees met ons praat deur Sy stil stem, naamlik die Heilige Gees.

Ek moedig jou aan, om dadelik te bid, wanneer jy hoor van 'n behoefte. Jy kan oor die foon vir iemand bid en selfs in die publiek. Ek doen dit in ons "Shopping Mall" en het gister in die bank vir twee van die personeel, op hul versoek, gebid.

Jy hoef nie lank te bid nie – maar bid met geloof. (Heb. 11:6)
Weet dat die Here jou sal hoor en jou wil help. (Jes. 59:1)
Onthou: Gebed is 'n gesprek met jou hemelse Vader.

## God maak gesond deur Sy Woord

**Psalm 107:20** *"Hy het Sy woord uitgestuur, dat Hy hulle kon gesond maak en hulle uit hulle kuile red."*
Die Boodskap: *"Die Here het net een woord gesê, en toe word hulle gesond. So het Hy hulle uit die dood se kloue gered."*

In die Bybel, wat God se Woord is, vind ons baie beloftes van genesing, vir ons liggaam en ook vir ons gebroke binneste. Persoonlik glo ek Psalm 107:20 was 'n belofte vir Israel die nag toe hulle verlos was uit Egipte, waar hulle vir 430 jaar slawe was. Na soveel jare as slawe met al die mishandeling was hulle 'n siek en gebroke nasie. Ek glo dat hulle in daardie nag God se aanraking van genesing, as totale mens, ervaar het.

God se Woord maak waarlik vry. Sy woord maak vry van vrees; vry van tradisie; vry van selfmoord gedagtes en vry van sondige gewoontes. Voorwaar Sy woord maak gesond.

Wees gewaarsku! Om die Bybel gereeld te lees (en toe te pas) is gewoontevormend! *Die moontlike newe-effekte:* Die afname en uiteindelike verlies van skuldgevoelens en angs; onderdrukking van leuens; afname in selfliefde en haat; veranderings in jou gewoontes. *Simpome van gereelde gebruik:* Toemane in sensasie van liefde, vrede, vreugde en ontferming. *Baie belangrik:* Dit is soos goeie medikasie, voltooi die kursus! (Oorgeneem uit Die 24/7 Bybel)

Neem die belofte in Jeremia 30:17 vir jou persoonlik.
*"Want Ek sal genesing vir jou tot stand laat kom en jou van jou wonde gesond maak, spreek die Here"*

**Wees 'n voorbeeld**

**1 Timótheüs 4:12** *"...wees 'n voorbeeld vir die gelowiges in woord, in wandel, in liefde, in gees, in geloof, in reinheid."*

As daar een ding is wat die wêreld moet kan sien, dan is dit kinders van die Here wat 'n voorbeeld stel. "Rol-modelle" vir God se koninkryk! Mense wat nie skaam sal wees vir die evangelie van Jesus Christus nie. Mense wat die liefde van Christus kan uitdra na 'n stukkende wêreld.

Die wêreld moet ons kan sien as mense wat reg praat en skoon lewens lewe. Mense wat waarheid en integriteit najaag, in hul huise, skole en besighede. Soos wat ons lees in Rom. 12:17 *"...mense wat in vrede kan leef met almal om hulle."*

Wys jou liefde en omgee aan hulle in die gemeenskap waar jy leef. Ek wil die volgende uitdrukking gebruik: *"Wees Jesus met 'n vel aan."* Jou voorbeeld sal verder gaan as jou woorde. Terwyl jou kinders opgroei is dit moontlik dat hulle die dinge wat jy woordeliks aan hulle oorgedra het sal vergeet, maar die voorbeeld wat jy gestel het sal hulle onthou. Dieselfde geld waar jy studeer of waar jy werk. Mense mag verskil met wat jy gesê het maar jou voorbeeld sal boekdele tot hulle spreek.

Lees met aandag Rom. 12:9-18, en leef daarvolgens.
Wees nie net 'n Christen in die kerk nie, maar in die publiek.
Wees hartlik teenoor ander en vergeld nie kwaad vir kwaad nie.

**'n Vrolike mens is 'n gesonde mens**

**Spreuke 17:20,22** *"'n Vals mens sal nie voorspoed hê nie; wie die waarheid verdraai, sal ondergaan...'n Vrolike mens is 'n gesonde mens, 'n neerslagtige mens raak uitgeput."*
The Amplified:*"A happy heart is good medicine, and a cheerful mind works healing, but a broken spirit dries the bones."*

Hoor hoe lees die vertaling van ons teks in Die Boodskap: *"'n Mens wat met niks tevrede is nie, sê nooit iets goeds van ander nie. Hy kraak net heeltyd af. Niks is ooit reg nie. Later wil niemand met hom bevriend wees nie...Vreugde en geluk is goed vir jou gesondheid. Depressie kan jou knak."*

Jy moet die lewe geniet. Om 'n vrolike mens te wees sal jou help in jou gesondheid. Wat my vandag die meeste tref is om te sien dat volwasse mense hul vrolikheid verloor het in die kerk, waar hulle eens gelukkig was. Een van die hoof redes is omdat hulle nie bereid was om aan te pas nie. Hulle wil hul "godsdiens" nog beoefen soos jare gelede. Dit is soos die boer wat nog steeds wil ploeg met 'n donkie en een ploegskaar. Daar sal verseker nie veel van sy boedery kom nie.

Indien jy jou "lag" verloor het, moet jy regtig ernstig bid dat die Here jou sal help om dit weer terug te vind. As jy nie meer kan lag nie het jy groot probleme wat vir jou wag.

Dit is medies bewys dat om te lag bring genesing.
Blydskap sal vir jou beskerming bied teen baie druk van buite.
Miskien moet jy sommer nou in die spieël vir jouself gaan lag?

## Die vrees vir die Here

**Maleagi 3:16** *"Toe het die wat die Here vrees, met mekaar gespreek; en die Here het dit opgemerk en gehoor, en daar is 'n gedenkboek voor sy aangesig geskrywe vir die wat die Here vrees en sy Naam eer."*

In ander Afrikaanse vertalings van hierdie teks word die woord "vrees" vervang met woorde soos "eerbied" en "ontsag" wat "vrees" vir die Here goed verduidelik. Om God te "vrees" beteken om 'n heilige ontsag en eerbied vir Hom te hê. Dit is iets waarvoor ons kan bid en dit self ook kan beoefen.

Wat sal ons ondervind indien ons die Here sou vrees? Die volgende Skrifgedeeltes sal ons vraag antwoord:
*Spr. 8:13 "Die vrees van die Here is om te haat wat sleg is" Spr. 16:6 "Deur die vrees van die Here wyk 'n mens af van die kwaad"*

Ons vind 'n aangrypende verhaal in 2 Kon. 17:24-28, waar God leeus gestuur het om mense wat Hom nie gevrees het nie, te verskeur. 'n Priester uit Samaria het toe gekom en hulle geleer hoe hulle die Here moet vrees. Dit laat 'n mens dink?

Indien jy God sal vrees – eerbied en ontsag vir Hom hê – kan jy staatmaak op die volgende belofte in Ps. 34:8: *"Die Engel van die Here trek 'n laer rondom die wat Hom vrees, en red hulle uit."*

Jou opregte eerbied en ontsag vir God sal ander laat dink.
Laat jou beste vriende mense wees wat God vrees.
Julle gesprekke sal God aanteken in Sy gedenkboek!

## Wees soos 'n klip in God se hand

**1 Samuel 17:40** *"Hy (Dawid) het sy kierie in sy hand gevat, vyf gladde klippies in die spruit uitgesoek en dit by sy skaapwagtersgoed in sy slingersak gesit. En met sy slingervel in die hand het hy op die Filistyn (Goliat) af geloop."*

Die verhaal van Dawid en Goliat ken die meeste van ons vanuit ons Sondagskool dae. Dit klink soos 'n sprokies-verhaal waar 'n jongman 'n groot reus verslaan het met sy slingervel en 'n klip. Die verhaal in 1 Sam. 17 bly 'n treffende deel om te lees.

Wanneer jy weer 'n klip, wat langs die see uitgespoel het optel, moet jy weet dat dit uit diep waters kom. Die see het vir 'n baie lang tyd gevorm aan hierdie klip. Onthou dan dat dit dié soort mense is, aan wie God vir 'n lang tyd moes vorm, wat Hy die beste kan gebruik – soos die klippe wat ons langs die see optel.

Dawid het gladde klippe gesoek want growwe klippe kon hul koers verloor het. Hy moes klippe gebruik wat reguit kon trek. Die eerste klip wat Dawid na Goliat gegooi het, moes sy doel kon bereik, want hy sou nie nog 'n kan gekry het nie. Ek wonder of die ander vier klippe nie opgetel was vir Goliat se vier broers nie? (Lees 2 Sam. 21:19-22)

Baie keer is ons lewens soos 'n "rowwe" klip.
Dit mag die rede wees waarom ons "geestelike rigting" verloor.
Maak 'n besluit om 'n voorbereide klip in God se hand te wees.

## Geloof is gekoppel aan Vergifnis

**Markus 11:25** *"En wanneer julle staan en bid, vergeef as julle iets teen iemand het, sodat julle Vader wat in die hemele is, ook julle jul oordredinge mag vergewe."*

Die meeste mense ken net Markus 11: 23,24. Dit is waar Jesus ons leer dat ons berge van probleme kan verskuif indien ons sou glo. Hy leer ons ook dat ons alles sal ontvang as ons net kan glo. Dit is wonderlik! Maar ons moet nooit vergeet dat geloof gekoppel is aan vergifnis – soos wat ons hierbó in ons teks leer.

Jy kan glo soos jy wil, maar as jy nie bereid is om te vergewe nie, sal geloof nie veel help nie. Indien jy nie ontvang nie, oordink dit of daar nie mense is wat jy nog moet vegewe. Onvergifnis blokkeer die vloei van geloof. Vra die Heilige Gees om jou te wys wie moet jy nog vryspreek. Onthou ons spreek ander vry nie omdat hulle dit verdien nie, maar omdat onsself vry wil wees. Dink goed na oor die volgende: *"Vergifnis is soos 'n aflosstokkie: As jy dit nie aangee nie, word jy gediskwalifiseer."*

'n Treffende gedeelte oor vergifnis vind ons in Matt. 18:21-35. Vergifnis is nie 'n boodskap wat jy eenmaal hoor en op 'n rak wegpak nie. Dit is 'n wyse van lewe. En onthou altyd dat geloof gekoppel is aan vergifnis.

## Die beste en eerste vir God

**Spreuke 3:9,10** Die Boodskap: *"Gee aan die Here ook 'n goeie deel van jou geld. Dan sal jy meer as genoeg hê om van te leef. Jou lewe sal vol vreugde wees."*

In Die Lewende Bybel word ons teks van vandag vertaal met: *"Eer die Here met jou besittings en met* ***die mooiste*** *van jou oes."* Nie die tweede beste nie!
Reeds in Deut. 26:2 het God vir Israel gesê dat wanneer hulle in hul beloofde land kom moet hulle toesien dat die eerste deel van die vrugte van die land aan Hom behoort.

Regdeur die Bybel word ons geleer om God altyd eerste te stel. In die eerste boek van die Bybel, naamlik in Gen. 4:3, lees ons dat Abel van die eerstelinge van sy kleinvee gebring het as offer aan die Here. God het sy offer aanvaar. En in die laaste boek van die Ou Testrament leer ons dat ons net die beste vir God moet gee. (Mal. 3:8-10)

In die begin van Jesus se bediening het Hy hierdie verklaring gemaak: *"Maar soek eers die koninkryk van God en sy geregtigheid, en al hierdie dinge (dit wat ons nodig het) sal vir julle bygevoeg word."* (Matt. 6:33)

Leer jou denke dat die beste en eerste behoort aan die Here.
Gee altyd die beste wat jy kan asof aan jou hemelse Vader.
Of jy dit nou vir jou kerk gee óf vir iemand in nood!

**Mag God Sy goeie werk in jou volbring!**

**Filippense 1:3,6** *"Ek dank my God elke maal as ek aan julle dink...omdat ek juis hierop vertrou, dat Hy wat 'n goeie werk in julle begin het, dit sal voleindig tot op die dag van Jesus Christus."*

Die Boodskap: *"Elke keer wanneer ek aan julle dink en met God oor julle praat, sê ek vir Hom baie dankie vir gelowiges soos julle...Van een ding is ek seker: dit is God wat al hierdie goeie dinge met julle laat gebeur...Hy sal julle nooit in die steek laat nie, daarvan kan julle seker wees."*

Hierdie is my gebed in die begin van dié jaar vir elkeen wat hierdie "Dagstukkie" lees. Ek weet dat die werk wat die Here in jou begin het, sal Hy voleindig. Al die jare glo ek dat God nooit halwe werk doen nie. Hy begin nooit iets en maak dit nie klaar nie!

Voor ons is daar 'n onbekende jaar – maar ons loof Hom dat Hy die pad vorentoe ken. Maak die belofte in Jer. 29:11 jou eie: *"Ek weet wat Ek vir julle beplan, sê die Here: voorspoed en nie teenspoed nie; Ek wil vir julle 'n toekoms gee, 'n verwagting!"*

As jy siek is bid ek dat jy deur Jesus gesond sal word!
As dit finansies is, bid ek dat God ryklik sal voorsien. (Fil. 4:19)
As dit 'n vars ontmoeting met die Here is – mag jy dors na God! (Ps. 42:2)

## Wees geduldig en vergewe

**Kolossense 3:13** *"Wees geduldig met mekaar en vergewe mekaar as die een iets teen die ander het. Soos die Here julle vergewe het, moet julle mekaar vergewe."*

In hierdie Skrifgedeelte sê Paulus dat ons *"onsedelikheid, onreinheid, wellus, slegte begeertes en gierigheid"* moet doodmaak in ons lewens.
Ja, "doodmaak" dat dit nie meer in ons harte is nie! Al hierdie dinge het die mense in Kolosse gedoen, maar dan prys Paulus hulle deur aan hulle te skryf in vers 9: *"Julle het met die ou sondige mens en sy gewoontes **gebreek** en leef nou die lewe van die nuwe mens..."*

Jy en ek kan ook God van harte dank wat hy vir ons gedoen het, deur ons te vergewe. Maar om te behou wat ons van God ontvang het is dit noodsaaklik dat ons sal verstaan wat Paulus aan die Kolossense gelowiges geleer het in ons teks. *"Wees geduldig met mekaar en vergewe mekaar as die een iets teen die ander het."*

Die boodskap is: Ons moet geduld beoefen en mekaar vegewe.
Vergifnis is die fondasie waarop jy geestelike moet bou.
Maak seker óf daar nie nog iemand is wat jy moet vergewe nie.

## Glo jy in Voorspoed?

**Psalm 35:27** Die Lewende Bybel: *"Laat almal wat my vrygespreek wou hê, bly wees en aanhoudend vol vreugde uitroep: Die Here is oneindig groot, en Hy wil Sy dienskneg in voorspoed laat lewe."*

Tradisionele godsdiens het ons geleer dat ons maar arm en behoeftig kan wees en nie moet begeer na voorspoed nie. Die waarheid in ons teks is dat God se wil is dat ons in voorspoed sal lewe. Nie net in finansies nie, maar in alles.

Hoekom wil God dat dit met ons goed moet gaan? Jy kan net meer as genoeg weggee as jy meer as genoeg het. (2 Kor. 9:8) Jy gee nie maklik as jy self behoeftig is nie.
Jy kan nie ruimhartig gee vir die verspreiding van die evangelie as jy sukkel om te oorleef nie. Dit is nie maklik om jou hande op siekes te lê indien jyself ernstig siek is in die hospitaal nie. Jy kan ook nie ander bly maak as jy vasgevang is in depressie nie.

Wil jy 'n seën wees vir ander? Vertrou die Here om jou voorspoedig te maak.
Gee in wat jy het en Hy sal jou beker laat oorloop.
Moenie voorspoed keer nie – ontvang dit met jou hele hart.

**Jy is geskep om God te aanbid**
**Psalm 150:6** *"Laat alles wat asem het, die Here loof! Halleluja!"*

Ons is deur God geskep om Hom te aanbid. Baie weet dit seker nie, want sodra die lofprysing en aanbidding in die kerk plaasvind, sê hulle: "Ek is gladnie gemaklik met die sang en musiek nie. Dit is seker omdat ek nie vir aanbidding gebou is nie."

Volgens die Bybel, as jy asem het, behoort jy God te aanbid. En moenie antwoord dat jy die Here aanbid in jou hart nie. Dit is nie goed genoeg nie want Ps. 34:2 sê: *"Ek wil die Here altyd loof; Sy lof sal altyddeur in my* ***mond*** *wees."* Waar is ons lof aan God, net in ons hart? Nee dit moet ook in ons mond wees!

Mense sal dink dat jy fanaties is? Mooi, elke herlewing het begin met mense wat beskou was as fanaties. Moenie net die Here aanbid in die kerk nie, doen dit ook in jou motor. Doen dit onder die stort. Wanneer lof en aanbidding iets natuurliks vir jou geword het, sal dit nie moeilik wees om dit op enige plek te doen nie. Gebruik net asb. wysheid.

Is jy moeg om net altyd te hoor van die herlewings in die verlede?
Open dan jou hart en jou mond om te doen waarvoor God jou geskep het.
Lof en aanbidding sal 'n opwekking in jou gees bring!

**Die "Gees" teenoor die "vlees"**

**Romeine 8:1** *"Daar is dan nou geen veroordeling vir die wat in Christus Jesus is nie, vir die wat nie na die vlees wandel nie, maar na die Gees."*

Hier word "Gees" met 'n hoofletter geskryf, omdat dit verwys na God die Heilige Gees. Wat dit beteken is dat indien ons toelaat dat die Heilige Gees ons help in ons daaglikse wandel, ons in oorwinning sal leef. Indien ons gedryf word deur ons vleeslike begeertes sal ons nie in oorwinning kan wandel nie.

Daarom lees ons in vers 5: *"Want die wat vleeslik is, bedink vleeslike dinge, maar die wat geestelik is, geestelike dinge."*

Daar is 'n bekende uitdrukking: "The battlefield is the mind." Dit is presies waar ons aangeval word.

Omdat God liefde is, sal Sy Gees ons altyd lei om goed en vriendelik teenoor mense te wees. Sy Gees sal ons help om te kan sien wie bemoedig en getroos moet word.

Die Gees sal ons altyd help om die vlees te oorwin.
Dit wat ons moet oorwin is opgeteken in Gal. 5:19. (Lees dit)
As jy in Christus Jesus is, is jy vry van veroordeling.

**Ons doel is om Hom beter te ken**

**Filippense 3:7,10** *"Maar wat vir my wins was, dit het ek om Christus wil skade geag...sodat ek Hom kan ken en die krag van Sy opstanding en die gemeenskap aan Sy lyde terwyl ek aan Sy dood gelykvormig word."*

Ons doel en ons fokus moet wees om Christus só te ken dat die Heilige Gees krag wat Hom opgewek het uit die graf, ook in ons sal werk. Ons lees in Rom. 8:11 dat dit die Heilige Gees was wat Jesus opgewek het uit die dood. Dieselfde Heilige Gees is in ons.

Ons moet só op Christus fokus dat al die dinge wat vir ons só belangrik is, soos sport, geld maak, studeer en wat ook-al, nie vir ons die belanrikste dinge in die lewe word nie.
Ek kan dit nie beter stel as wat 'Die Boodskap' ons teks vertaal nie: *"Al daardie dinge wat eers vir my so belangrik was, is nou vir my minder as niks werd, want Jesus het vir my alles geword. Hy is nou vir my belangriker as alle ander dinge tesame. Daarom het ek alles gelos vir Hom. Wanneer God na my kyk, moet Hy sien dat ek in 'n intieme verhouding met Jesus staan. Jesus het mos my saak met God reggemaak."*

Ek deel ook met jou die vertaling van 'The Amplified Bible' rakende ons teks: "*"For my determined purpose is that I may know Him [that I may progressively become more deeply and intimately acquanted with Him...]"*

Ondersoek weer jou jouself en besluit wat is belangrik.
Niks moet meer waarde hê as om Jesus beter te ken nie.
Daarom vervang niks jou Bybellees en gebed nie.

**Die ewige lewe is om Jesus te ken**

**Johannes 17:3** *"En dit is die ewige lewe: dat hulle U ken, die enigste ware God, en Jesus Christus, wat deur U gestuur is."*

Dié vers was vir John Knox, van Skotland, 'n dryfkrag in sy lewe. Sy groot passie was om mense te help om Jesus te ken sodat hulle ewig kon leef.
Dit het nie net van hom 'n kerkhervormer gemaak nie, maar ook 'n landhervormer. Deur hom het God Skotland geestelik en polities omgekeer. Van hom is geskryf: *"Wat Knox vir sy land gedoen het, was 'n opstanding uit die dood."* John Knox het geweet dat God by hom was, daarom het hy niks gevrees nie. Geen wonder dat Mary, die destydse koningin van Skotland, eenkeer oor Knox gesê het: *"I fear his prayers more than I do the armies of my enemies."* God soek vandag sulke manne en vroue! Wil jy nie een wees nie?

In Johannes 17 vind ons 'n uitstaande gebed wat Jesus gebid het vir Sy dissipels. Jy word vandag ook gevra om te bid waarvoor Jesus in Joh. 17 gebid het, naamlik:
Bid vir volkome blydskap. (vers 13) Bid ook ernstig vir heiligheid. (vers 14-17) Bid dat die wêreld bereik sal word met die Woord. (vers 18) Bid vir eenheid in Sy kerk (vers 21)

Omdat jy Hom ken, mag Sy lewe vandag deur jou werk.
Waar jy woon is daar talle wat jy moet bereik vir Sy koninkryk.
Dank God dat ons die ewige lewe het. (1 Joh. 5:13)

**God beloof 'n lang lewe**

**Psalm 91:16** *"Hy wat by die Allerhoogste skuiling vind en die beskerming van die Almagtige geniet...'n Baie lang lewe sal Ek hom gee en oor my hulp sal hy hom verbly."*
Die Boodskap: *"As jy na die allerhoogste God toe gaan dat Hy jou moet oppas, kan jy van een ding seker wees: Die Almagtige God sal jou bewaar...God sê: "Ek sal sy lewe vol maak met goeie dinge. Hy sal lank leef..."*

Weet jy dat dit nie eintlik God se wil is dat mense jonk moet doodgaan nie? Sy wil is dat jy 'n vol lewe sal geniet. Jy behoort te leef tot jy 70 of 80 jaar, en indien jy nie daarmee tevrede is nie, kan jy die Here vra om nog langer te leef! (Lees Gen. 6:3)

Baie gelowiges se reaksie, as hulle ernstig siek word, is of dit miskien tyd is om te sterf. Moenie sulke gedagtes in jou herberg nie. Ongeag jou ouderdom, indien die duiwel jou vertel dat God jou nie gaan genees nie – glo hom nie! Glo eerder God se belofte soos wat ons lees in 1 Pet. 2:24 dat deur Jesus se wonde jy genees is.

In ons teks beloof God aan dié wat by Hom skuil, 'n lang lewe. Indien jy uitsien na 'n lang lewe, vertrou die Here daarvoor. As jy gereed is vir die Wederkoms, is jy gereed vir enige-iets!

## Moenie "Worry" nie

**Matthéüs 6:27,31** *"Wie onder julle kan, deur hom te kwel, een el by sy lengte voeg?...Daarom moet julle jul nie kwel en sê: Wat sal ons eet, of wat sal ons drink, of wat sal ons aantrek nie?"*

God is teen bekommernis. Jesus het daarteen gepreek. Die hele Bybel is teen kommer omdat dit ontwerp is deur die duiwel. Tog tree baie van ons op asof dit 'n opsie is wat ons kan oorweeg.

Vandag se boodskap aan jou is om nie te "worry" nie. Onthou dit: Die meeste dinge waaroor jy jou sal bekommer sal nooit gebeur nie!

Wat moet jy en ek doen met die laste wat ons so maklik wil omring? In 1 Pet. 5:7 word ons geleer: *"Werp al julle bekommernis op Hom, want Hy sorg vir julle."* Het jy mooi gehoor? "Al" ons kommer moet ons op Hom werp. Nie net 'n deel van ons kommer nie. Die woord "werp" meen letterlik om dit weg te gooi. Nie net om daaroor te bid nie, maar gooi dit weg van jou.

Kommer wat jy jare dra, sal dan nie meer aan jou hang nie.
God neem nie jou kommer nie. Jy moet dit vir Hom gee.
Vervang kommer met al die beloftes in God se woord.

**Jy moet wees soos 'n gesonde boom!**

**Psalm 1:1-3** Die Boodskap: *"God hou sommer van jou, want jy leen nooit jou ore aan slegte mense uit nie. Jy hardloop nie agter nuwe sonde op die mark aan nie. Jy is ook nie bevriend met daardie spul wat met God spot nie. God is baie bly omdat jy sy Woord geniet. Jy lees dit dag en nag sonder om moeg te word.* ***Daarom is jy soos 'n groot boom wat stewig langs die water staan****. Hierdie boom dra op die regte tyd baie vrugte en sy blare bly groen. Sy grootheid skyn helder in alles wat jy doen. Daarom gaan dit goed met jou."*

God verlang dat jy sal wees soos 'n boom wat geplant is by waterstrome, wat sy vrugte sal gee op sy tyd en dat jou geestelike blare nie verwelk nie. Ook dat alles wat jy doen jy voorspoedig sal uitvoer. Dit is hoe ek Psalm 1:3 verstaan. Vandag deel ek hierdie besondere Psalm met jou uit 'Die Boodskap' vertaling omdat dit vir my so mooi omskrywend is. Ek hoop jy hou ook daarvan?

Hoekom moet jy en ek wees soos 'n gesonde boom? Die antwoord is: 'n Gesonde boom dra goeie vrugte. En onthou altyd dat 'n boom geken word aan sy vrugte. Een ding van 'n boom is dat hy nie sy vrug vir homself hou nie, maar hy is bereid om dit aan ander weg te gee. Die vrug wat ons moet dra vind ons in Gal. 5:22. Lees dit met baie aandag.

Ek hoop jy het mooi vrugte in jou wat jy kan deel met ander? Hoe meer vrug jy sal weggee, hoe meer vrug sal jy produseer. Jer. 17:7,8 sal dan 'n werklikheid in jou lewe wees.

## Ons sal kry wat ons sê

**Markus 11:23** *"Want, voorwaar Ek sê vir julle dat elkeen wat vir hierdie berg sê: Hef jou op en werp jou in die see – en nie in sy hart twyfel nie, maar glo dat wat hy sê, sal gebeur – hy sal verkry net wat hy sê."*

Daar is soveel mag in jou woorde dat jy jou hele liggaam in toom kan hou. (Jak. 3:2) As gelowiges praat ons baie keer soos die wêreld, terwyl ons die Woord moet praat. Dink mooi daaroor: Baie van die dinge wat jy in die verlede gesê het, het jou gebring waar jy vandag jouself bevind. Indien jy jou toekoms wil verbeter sal jy moet seker maak dat wat uit jou mond uitkom geseënde woorde sal wees.

Indien jy my nie glo nie, gaan besoek 'n oue-tehuis en let op dat daar baie meer mense is wat vol klagtes is as hulle wat vol blydskap is. Die rede is dat hulle negatiewe dinge gepraat het toe hulle jonger was.

Leer om die Woord van die Here te praat. Jy doen dit om Skrifgedeeltes hardop te sê. Ek sal byvoorbeeld hardop met myself praat en sê: *"Hy wat in my is, is groter as hy wat in die wêreld is."* (1 Joh. 4:4) Dank God vir Sy Gees wat in jou woon en jou lei.

Verander jou rigting deur jou woorde te verander.
Bid ernstig wat geskrywe staan in Ps. 141:3 *"Sit 'n wag voor my mond, Here, hou tog wag oor wat ek sê."*
Miskien weet jy nie, maar daar is 'n wonderwerk in jou mond.

## God maak 'n pad in die woestyn

**Jesaja 43:19** *"Kyk, Ek gaan iets nuuts maak; nou sal dit uitspruit; sal julle dit nie merk nie? Ja, Ek maak 'n pad in die woestyn, riviere in die wildernis."*

Watter woorde kom in jou gedagte wanneer jy dink aan 'n woestyn? Woorde soos: Baie droog; bar; verskriklik warm; hard en verbode terrein. En wanneer mense deur moeilike tye gaan, soos siekte, konflik, skeiding en verlies, hoor ons hulle praat dat hulle deur 'n wilderness en woestyn gegaan het.

En tog was ons "woestyn" waardeur ons moes gaan baie keer vir ons 'n heilige plek. Onthou dat God Sy wet in die woestyn aan Israel gegee het, net nadat hulle verlos was as slawe uit Egipte. Vir Israel was dit 'n heilige plek in die woestyn.

Neem kennis dat die harde tye waardeur ons soms moet gaan is heilige tye wat God gebruik om diep in ons te werk.

Die Hebreeuse woord vir "wildernes" kom van die grondwoord *"davar"* wat letterlik beteken *"die plek waar God met ons praat".* Daar waar dit so stil en baie eensaam is, praat God soms beter as wanneer ons aan die hardloop is. Klink dit bekend? Ons het teveel dinge wat ons aandag aangryp.

Het God 'n woestyn in jou toegelaat om jou aandag te kry? Moenie vrees toelaat nie – raak nou meer bewus van God. God wil met jou praat in jou huidige omstandigheid.

**Wees in alles dankbaar**

**1 Tessalonisense 5:18** *"Wees in alle omstandighede dankbaar, want dit is wat God in Christus Jesus van julle verwag."*

Gelukkig staan hier nie geskrywe dat ons "vir" alle omstandighede dankbaar moet wees nie, maar wel "in" alle omstandighede. Dit is 'n groot verskil. Dit kom hierop neer: Indien ek in 'n motor ongeluk betrokke geraak het, dank ek nie die Here vir daardie ongeluk nie, maar in die omstandigheid kan ek nog lof aan God gee.

Ek het 'n voorbeeld hiervan in Rustenburg gesien toe 'n vrou, met haar motor, van agter af in 'n jongman se motor vasgery het. Hy het voor haar gestop, by 'n stopstraat, toe sy hom gestamp het. Wat so mooi was is dat die jongman uitgeklim het en na die huilende verwagtende vrou gestap het en haar getroos het. Hy het ook vir haar gebid. Ek het oorkant in my motor gesit en hierdie gebeure dop gehou.

Ek dink nie ons begryp altyd die volle waarheid wat geskrywe staan in Rom. 8:28 nie. Daar staan geskrywe: *"Ons weet dat God alles ten goede laat meewerk vir dié wat Hom liefhet, dié wat volgens sy besluit geroep is."*

Te midde van watter omstandighede, probeer jou seëninge tel.
Ons het soveel om die Here voor te dank en te loof.
Om dankbaar te wees is wat God van ons verwag.

**God se oog is op ons**

**Deuteronomium 11:11** *"Die land wat julle in besit neem, is 'n land met berge en vlaktes en word nat gemaak met reënwater. Dit is 'n land waarvoor die Here jou God sorg: van nuwejaarsdag tot oujaarsdag toe hou Hy ononderbroke Sy oog daaroor."*

Hierdie besondere teks was oorspronklik bedoel vir Israel toe hulle in die beloofde land aangekom het. Vandag is ek oortuig dat ons dit ook vir ons eie land kan aanneem as 'n belofte wat die Here vir ons gee – en neem dit gerus as 'n belofte vir jou gesin!

Tenspyte van wat ons elke dag oor die nuus hoor, wil ek hierdie belofte glo dat God van nuwejaarsdag tot oujaarsdag ononderbroke Sy oog oor ons sal hou. God se beloftes is tog "ja" en "amen" volgens 2 Kor. 1:20 *"Want hoeveel beloftes van God daar ook mag wees, in Hom is hulle ja en in Hom amen, tot heerlikheid van God deur ons."* Sy beloftes staan vas. Elke keer wanneer jy bid en "Amen" sê, sluit jy nie net jou gebed af nie, maar jy sê eintlik "laat dit so wees".

Ons lees in 2 Kron. 16:9 (Die Lewende Bybel) *"Want die Here kyk gedurig die hele wêreld deur om te sien wie op Hom vertrou met hulle hele hart sodat Hy hulle met Sy krag kan help."*

Glo dat God se oog altyd oor jou die wag hou.
Jy sal nooit op 'n plek wees waar God jou nie kan sien nie.
God kyk die wêreld deur om te sien wie op Hom vertrou.

**Ons het 'n ontmoeting met God nodig!**

**Gen 28:16** *"Daarop word Jakob uit sy slaap wakker en sê: Waarlik, die Here is op hierdie plek, en ek het dit nie geweet nie."*

Deesdae hoor ek meer mense wat sê dat hulle vuriger preke soek en ook dat hulle in hul kerk-dienste meer bewus wil wees van God se teenwoordigheid. Gewone kerk programme stel hulle nie tevrede nie. Hulle wil nie net 'n paar liede sing en na 'n mooi preek luister nie. Wat hulle soek is 'n Woord van God wat die prediker op sy knieë van God gekry het. Dit klink reg, maar ek is van mening dat ons 'n persoonlike ontmoeting met God moet hê soos wat Jakob dit gehad het.

Jakob het twee baie besondere ontmoetings met God gehad het. Dit is opgeteken in Gen. 28 en Gen. 32. Die een ontmoeting met God was by Bet-el en die ander een by die Jabbok rivier. Jakob was toe reeds meer as negentig jaar oud. 'n Mens kan nooit te oud (of te jonk) wees om met God te ontmoet nie.

Jakob se eerste ontmoeting met God was toe hy gevlug het van Esau, sy broer, omdat hy sy seën onwettig verkry het. Sy tweede ontmoeting met God was net voordat hy, na baie jare, versoen het met Esau. Wanneer laas het jy 'n ontmoeting met God gehad?

God het al naby mense in die kerk gekom, maar hulle het dit nie geweet nie.
Kan dit wees dat hulle sonder verwagting kerk-toe gekom het?
Neem vandag 'n besluit om meer ernstig die Here te soek.

## Jou woorde

**Efesiërs 4:29** *"Laat daar geen vuil woord uit julle mond uitgaan nie, maar net 'n woord wat goed is vir die nodige stigting, sodat dit genade kan gee aan die wat dit hoor."*

Hierdie teks gaan nie net oor "vloek woorde" nie, maar verwys na woorde wat "sleg" is en nie mense stig en bemoedig nie. Woorde kom so maklik uit ons mond, daarom moet ons meer dink voordat ons praat. Benjamin Franklin het gesê: *"As jou voet gly, kan jy vinnig herstel, maar 'n glips van die tong word oor en oor vertel."*

Dawid het eenmaal hierdie woorde gebid in Ps. 141:3 *"Here, stel 'n wag voor my mond, bewaar die deur van my lippe."* Die Boodskap vertaal dié teks met: *"Here, help my om nie onnodig te praat nie. Leer my om versigtig te wees met wat ek sê."*

Ons moet nie lelik praat nie, maar ons moet ook nie verkeerd praat nie. Verkeerd praat is woorde soos: *"Hoe gaan dit met jou siekte? – Ag, ek beteken niks. – Ek het mos 'n familiekwaal – Ek voel te onwaardig."* En só kan ons nog baie uitdrukkings byvoeg.

Leer om jou woorde te weeg wat uit jou mond kom.
Maak seker jy praat die waarheid, en dat jy mense stig.
Kom ons vra die Here om 'n wag voor ons mond te plaas.

**Hoe ernstig is jy oor God se koninkryk?**

**Lukas 16:16** Die Boodskap: *"Tot onlangs toe het God nog die wet en profete gebruik om sy wil bekend te maak. Maar daardie tyd is vir altyd verby. Johannes die Doper was die laaste een van die profete. Van nou af gaan dit net oor God se splinternuwe wêreld. Ek maak dit bekend. En mense val nou omtrent oor hulle voete om daar in te kom. Hulle storm oral in die koninkryk in."*

Ek hou van die laaste sin ons ons teks: *"Hulle storm oral in die koninkryk in."* As daar een man was, wat ernstig was oor God se koninkryk, dan was dit Paulus. Met entoesiasme kon hy skryf in Rom. 12:11,12: *"Moenie in julle toewyding verslap nie, bly altyd geesdriftig, dien die Here. Verbly julle in die hoop; staan vas in verdrukking; volhard in gebed."*

Ontmoet Paulus wat die volgende van homself sê: *"Ek word soms wakker in die nag, vreesbevange oor die tyd toe ek Hom vervolg het. Voorheen was ek Saulus – 'n man met die bloed van Jesus op my hande. Maar hier, tussen klipmure en agter tralies van my soveelste gevangenskap, kom God se Gees in liefde en noem my op my nuwe naam Paulus. Deur Christus het God my met Hom versoen. Ek is losgekoop, vrygespreek, nuutgemaak, afgestof, afgewas, gedoop en heelgemaak. Dit is nou my identiteit. En al sou die skaduwee van Saulus altyd op my hakke wees, sal ek die begenadigde bly, want niks kan my nou van Sy liefde skei nie."* (Oorgeneem uit: Die 24/7 Bybel)

Vra jouself hoe ernstig is jy oor God se koninkryk?
God se koninkryk is waar Hy regeer en waar Sy wil geskied.
Hoe pas jou lewe in hierdie raamwerk?

**Het God jou ook al gesalf?**

**1 Johannes 2:20,27** *"Julle is egter deur Christus gesalf met die Heilige Gees, en julle ken almal die waarheid...Wat julle egter betref, die Gees waarmee Hy julle gesalf het, bly in julle, en julle het niemand anders nodig om julle te leer nie. Sy Gees leer julle alles, en wat Hy julle leer, is die waarheid en geen leuen nie. Ja, soos Hy julle geleer het, moet julle in die Seun bly."*

Jy het iets of het dit nie. Ek vertrou dat jy vandag "Amen" kan sê op dié Skrifgedeelte? Die Boodskap se vertaling op die tweede gedeelte van ons teks is: *"...Die Heilige Gees is julle onderwyser en gids in alles wat waar is. Julle kan Hom maar glo, want Hy lieg nie. Steur julle daarom aan niks en niemand anders nie, behalwe aan die Gees en wat Hy julle geleer het."*

Salwing is al iets wat in die Ou Testament genoem word. Dawid het eenmaal uitgeroep in Psalm 92:11 *"U verhoog my horing soos van 'n buffel; ek is met vars olie gesalf."* Nadat Samuel vir Dawid gesalf het met gewone olie het die Gees van daardie dag, en verder, op Dawid gerus. Ons lees dit in 1 Sam. 16:13.

Jesus het van Homself die volgende gesê in Lukas 4:18 *"Die Gees van die Here is op My omdat Hy My gesalf het om die evangelie aan die armes te bring. Hy het My gestuur om die wat verbryseld van hart is, te genees..."* (Lees asb self vers 19)

Salwing is wanneer die Heilige Gees kontak maak met my gees.
Ek vertrou dat jy al hierdie ondervinding gehad het?
Dank God dat Sy Gees jou sal leer en duidelik lei